

KERKBODE

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

17 September 2021

www.kerkbode.co.za • facebook.com/kerkbode

Deel 207 – Nommer 4



“Toe ek binne die kerktoring opkyk, toe sien ek dit gaan ’n groot werk wees ... die byewaskoeke was gevleg tot diep in die toring op,” vertel ds Petrus Carstens wat toe soos ’n myner met ’n koplug in die ou toring moes opkruip. – Bl 3

**NG gemeente
Kemptonpark
se dubbele
hartseer.**
– Bl 3



**Hoe om ge-
sprekke oor
entstofdebat
te benader.**
– Bl 9



Grootdruk-Bybel 2020-vertaling en Bybelstudies nou beskikbaar!

Die Bybel Afrikaanse 2020-vertaling Grootdruk

- Die volledige Grootdruk Afrikaans 2020-vertaling Bybel is beskikbaar in 'n luukse bruin, verwerkte leeromslag asook hardebandformaat. Dit bevat goud-op-snee, duimindeks en merklint.
- Die 1736 bladsye omvang van hierdie Pragbybel bevat ook kruisverwysings, voetnote, 'n woordelys en kaarte.



R180

stuur-vreugde

Barnabas se lewe inspireer kosbare geloofswaardes by ons. Hy inspireer ons om te glo én te doen. Hy spoor ons aan om met opregtheid te gee. Hy laat ons selfloos en gestuurd leef. Hy leer ons om 'n bemagtigende mentor, spanlid, diensgerigte leier en omgee-reus te wees.

stuur-vreugde is ook as digitale produk beskikbaar op missio.org.za

Verby ons gedagtes

Hierdie boek wil jou help om na jou prentjies van God te kyk, om die gesonde prentjies te voed en om die ongesondes te laat los.

Beskikbaar om saam met hierdie boek te gebruik:

Verby ons gedagtes Bybelstudie

Hierdie gespreksgids wil jou help om na jou prentjies van God te kyk, om die gesonde prentjies te voed en om die ongesondes te laat los.



R489

R689



R180



R90

Oos-Randse gemeente verloor leraar én orrelis

HELÉNE MEISSENHEIMER

Die NG gemeente Kemptonpark is 'n dubbele hartseer toegedien. In een week het dié klein gemeente op die Oos-Rand beide hulle geliefde tentmakerleraar Nico Bekker én hulle orrelis Hettie Viljoen weens Covid-verwante oorsake aan die dood afgestaan.

“Nico se hart was opreg. Hy kon moeilik wees, maar hy was opreg. Hy het sy geloof diep uitgeleef en het soos 'n kind geglo in die Skrif,” sê sy jarelange vriend ds Bert van Zyl, leraar by die buurgemeente Kemptonpark-Noord. Van Zyl het op Vrydag 27 Augustus Bekker se intieme roudiens vir familie en nabye vriende waargeneem.

“Ek sal Nico onthou vir sy toewyding aan die kerk en sy helder roepingsbewustheid, veral in tye toe dit swaar gegaan het en hy vir 'n tyd sonder 'n standplaas op 'n beroep gewag het. Nico was passievol oor sy gesin en baie lief vir sy drie dogters,” onthou dr Johan Botha van Hoëveld Sinode wat ook by die roudiens was.

Weens die Covid-beperkings op getalle kon die gemeente, wat uit meestal ouer mense bestaan, nie sy roudiens bywoon nie. 'n Deurry-diens is gehou waar lidmate blomme op sy kis kon sit.

“Ek kon nie glo hoeveel lidmate gekom het om vir 'ons dominee' totsiens te sê nie,” vertel sy vrou Adri wat saam met hom al 17 jaar by dié gemeente is, Nico se tweede gemeente, waar die lidmate

soos familie is.

“Nico was op sy gelukkigste as hy met kerksake besig was. Hy het die gemeente en sy gesin altyd eerste gestel. Hy was 'n omgee-mens ... en hulle kerk-orrelis Hettie Viljoen ook,” vertel sy.

Die 79-jarige Hettie is 'n paar dae voor Nico (63) oorlede en is op Donderdag 26 Augustus op haar geboortedorp Warden in die Vrystaat begrawe. “Sy was een wat gemaklik met mense gekommunikeer het ... partykeer moes sy haar orrelspel voor die diens stop soos mense haar kom groet het,” vertel Christo, haar eggenoot vir die afgelope 57 jaar. Die egpaar het einde Junie saam Covid opgedoen, skaars 'n dag ná hulle by die Village Walk-aftrekoord in Benoni ingetrek het, en moes toe twee weke in isolasie deurbring.

Hulle het beide op 1 Junie hulle eerste Pfizer-entstof-inenting gehad.

Christo het goed herstel maar nie sy vrou nie, wat op haar dag 'n raakvatter in die gemeente en voorsitter van die vrouediens was. Hettie het eers longprobleme en toe hartversaking ontwikkel. Sy is tuis oorlede enkele dae ná sy die tweede keer uit die hospitaal ontslaan is.

Nico is 'n paar dae later, op Vrydag 21 Augustus, met longinfeksie, lae suurstofvlakke en water om die hart na Life Glynwood-hospitaal in Benoni se intensiewe sorgeneheid gehaas om op hoëvloeiurstof geplaas te word. Hy is die volgende middag in dié hospitaal oorlede. Sy gesondheid het 'n knou gekry na

hy einde Maart vanjaar Covid-longontsteking opgedoen het. Hy is 'n dia-beet en het hoë bloeddruk, maar was gesond vóór dit, sê Adri.

Kemptonpark-gemeente is die oudste NG gemeente van dié Oos-Randse dorp in die Hoëveld Sinode. Die laaste twee dekades het lidmaatgetalle en bywoning egter drasties afgeneem soos al meer Afrikaanse gesinne weggetrek en die demografie van die omgewing verander het.

Nico is sedert 2003 leraar by Kemptonpark-gemeente. In 2012 moes hy op vroeë aftrede gaan omdat die gemeente nie meer sy salaris kon bybring nie. Hy het as tentmakerleraar voortgegaan terwyl hy voltydskoolgehou het en Adri as maatskaplike werker gewerk het. Met fondsinsamelings het hy kliphard saam met die gemeente gewerk. “Hy moes altyd die kerrie maak en sou al soggens vieruur begin kook om seker te maak die kerrie is reg as die basaar begin ... en hy het tot die laaste gebly om te help opruim,” onthou Adri.

“Ons twee buurgemeentes het mekaar ondersteun ... en ek het by hom kom huil en hy by my,” vertel Van Zyl. Hy en Nico was saam teologiestudente op Tukkie (Universiteit van Pretoria). Van Zyl deel sedert sy vriend se afsterwe sy preke op WhatsApp met beide hulle gemeentes.

Die kerk se pastorie is ook later aan die Christelike welsynsorganisasie MES verkoop wat 'n oornagskuiling vir



Ds Nico Bekker



Hettie Viljoen

haweloses die afgelope dekade daaruit bedryf. Die Bekkers bly in hulle eie huis.

Die Kemptonpark-gemeente het vanjaar sover vier sterftes weens Covid gehad.

Van bl 1

Toring-sage: Bye uit, 'baken' weer op

HELÉNE MEISSENHEIMER

Die twee hyskrane, 'n brandweerwa en 'n byeboer-domeinee gevat, maar die Oos-Kaapse Karoodorp Willowmore se kerkoring staan weer blink en punt in die wind.

Die afgelope twee maande hang die NG Kerk op die dorp se toring van bykans 'n halfeeu oud op genade teen 'n 45 grade hoek. 'n Stormsterk wind het die toring so geknak een nag in Junie.

Die gemeente het noodgedwonge in die kerksaal moes kerk hou. “Dit was 'n slegte ding. Ons was bang die toring val en maak meer skade,” vertel ds Hannes Maasdorp, die afgetrede leraar wat hier die dienste waarneem.

Einde ten laaste het die versekeringsmaatskappy 'n kwotasie vir die huur van twee hyskrane, wat al die pad uit Beau-

fort-Wes moes kom, goedgekeur. Weens 'n pap wiel het hulle eers Dinsdagaand 24 Augustus op die dorp aangekom, vertel Piet Viljoen, 'n lidmaat wat daar was.

Die volgende dag, terwyl werkers in 'n mandjie in een hyskraan werskaf om die toring met kables aan die tweede hysbak vas te maak, kom hulle agter die toring huisves 'n byenes ... en die bye was nie geneë dat die manne só naby hulle kom nie.

Die brandweer moes kom water spuit sodat hulle die toring ten minste tot op die grond kon kry. Intussen het Viljoen vir ds Petrus Carstens, die leraar op hulle buurdorp Uniondale, gebel omdat byeboerdery sy stokperdjie is.

Donderdag donsoordag, voor die bye uitgaan, was Carstens in sy beskermende oorpak daar met sy 20 liter-emmer met

gaas uitgevoer en sy seun se spesiale suigstoestel, die B-Vac. Viljoen het 'n kragopwekker vir die suigstoestel voorsien.

“Toe ek binne die toring opkyk, toe sien ek dit gaan 'n groot werk wees ... die byewaskoeke was gevleg tot diep in die toring op,” vertel Carstens wat toe soos 'n myner met 'n kopligh in die ou toring moes opkruip.

Vyf ure later was die meeste van die bye in korwe na hulle eers via die suigstoestel in die emmer opgevang is. Hy skat hulle kon 90% van die bye red waarvoor hy baie bly is en hy skat hulle staan 'n goeie kans om te oorleef, sê Carstens. Dit was een en 'n half emmers vol bye wat die grootste swerm is wat hy al uitgehaal het.

Daar was ongelukkig maar min heuning, “want Willowmore is nog verskriklik droog,” al het dit liggies gereën die dag.

“As die 'heilige bye' heuning maak, sal ek dit vir die kerk neem,” skerts Carstens.

Intussen is daar 'n splinternuwe kerkoring, gemaak van 'n houtraam en oorgetrek met blink metaal, in die ou toring se plek staan gemaak. Dit het so 'n bietjie van 'n “crinkle cut look”, maar hy is baie bly die ou toring is af, want hy was bitter bekommerd oor sy vriendin Rita Vorster se veiligheid omdat sy koster is by die kerk, vertel Viljoen.

Daar was selfs sprake dat die kerkgebou sonder toring gaan bly. “Daar was dié wat gedink het die kerk kan sonder 'n toring bly, maar ons het gevoel dit is 'n uitstaande kenmerk van die dorp, 'n baken in die gemeenskap. Ons is nou weer dankbaar en rustig ... en dit is net betyds voor die Augustuswinde begin waai,” sluit Maasdorp af.

Regstelling: Die nuusberig ‘Wegbreek-praatjies benadeel kerk se beeld’ (*Kerkbode*, 27 Augustus) verwys. *Kerkbode* het oorspronklik berig die Sinode van Namibië het hulle in 'n verklaring van Die Strand-gemeente se doleringsbesluit gedistansieer. Dit is nie korrek nie. Dit was die moderamen van die Sinode van Namibië wat so 'n verklaring gepubliseer het in die sinode se weeklikse nuusbrieff van 6 Augustus 2021. *Kerkbode* vra verskoning vir die fout. – Red.

Covid het kerk geleer: Moenie hiérdie werk alleen doen nie

HELÉNE MEISSENHEIMER

As daar een ding is wat die Covid-pandemie die NG Kerk geleer het, dan is dit dat vennootskappe in jou gemeenskap 'n moet is en jou eerste vennoot behoort die maatskaplike werker te wees.

Só sê dr Lourens Bosman, kantoorhoof van die Algemene Sinode. Bosman was die eerste spreker by 'n werkwinkel wat die Kerklike Maatskaplike Diensteraad (KMDR) op 26 Augustus by die ruim Emseni-konferensiesentrum in Benoni gehou het.

“'n Besondere mylpaal en 'n unieke belewenis ... hier is iets van 'n byme-kaarkom waarvoor ek al baie jare gebied en gehoop het,” begin KMDR-bestuurslid dr Willie van der Merwe die eerste van drie werksessies wat hy lei ná Bosman se aanbieding. Voor hom sit 40 verteenwoordigers van die Algemene Sinode en streeksinodes sowel as die KMDR en hulle lidorganisasies, meeste met gesigmaskers aan.

Ter inleiding skets Van der Merwe hoekom hierdie gesprek so belangrik is. Die KMDR en sy lidorganisasies, soos Badisa (Wes-Kaap), Engo (Vrystaat) en CMR (verskeie streke), het almal baie jare terug uit die NG Kerk ontstaan, maar mettertyd het die kerk se betrokkenheid by hierdie organisasies verskraal tot finansiële bydraes en ondersteuning terwyl kerke op hulle eie met korttermyn ‘liefdadigheidsprojekte’ soos sopkombuise, kospakkies uitdeel ensovoorts begin het.

“Mettertyd het die vraag begin ontstaan wat ons kan doen om die kloof tussen professionele maatskaplike werkdienste in die kerk en diakonale dienste wat in die kerk aan 't vorm aanneem is, te laat saampraat ... dit is wat nou hier gebeur,” verduidelik Van der Merwe. Die brug wat hy voorstel noem hy 'n “geïntegreerde missionale diakonale bediening”.

Bosman het in sy aanbieding vertel onlangse kerklike opnames toon die meeste lidmate en gemeentes koop in by die visie van 'n “missionale kerk, 'n kerk wat in vennootskap staan met ander organisasies om 'n verskil te maak in die breër samelewing”.

Verlede jaar se koskrisis weens die Covid-pandemie het grootliks bygedra om kerke uit die blokke te kry om in hulle breër gemeenskappe betrokke te raak. “Dit het 'n nuwe energie losgemaak,” soos Henda van der Merwe, CMR Gauteng-Oos, dit stel.

Met 'n peiling in die tiende week van die pandemie laasjaar was 79% van NG kerke toe in vennootskappe om kospakkies te voorsien, die meeste van dié netwerke het maande later met 'n

tweede peiling steeds bestaan, het Bosman vertel.

“Wat ons geleer het in die afgelope tyd met Covid is ... moenie dit alleen doen nie. Ons moet vennootskappe hê in die gemeenskap ... en ons wil dit nie doen sonder ons professionele dienste nie, dit is die maatskaplike dienste ... ons eerste vennoot in die gemeenskap,” sê hy.

Uit terugvoer op sy aanbieding blyk egter daar is baie gemeentes waar sulke vennootskappe nog nie bestaan nie. 'n Onlangse peiling onder meer as 100 gemeentes in die Vrystaat het getoon 95% deel kospakkies uit maar hulle doen dit op hulle eie sonder gesprek met ander kerke, selfs van dieselfde kerkfamilie ... “gemeentes of dominees het hierdie ding van ons gaan dit self doen, wat hartseer is,” is gesê.

Die regeringsverandering van 1994 het ook 'n einde gebring aan die noue verhouding wat vir jare tussen die NG Kerk en die staat bestaan het in die formulering van beleid en wetgewing rondom maatskaplike dienslewering. Die gevolg was dat kerklike maatskaplike diensorganisasies hulle al meer in 'n gespanne posisie bevind tussen die eise vanaf die staat wat dié organisasies as “hulle masjinerie beskou” en verwagtinge vanaf hulle “moederliggaam”, die kerk.

“Nou sit 'n mens op die ou end met botsende belange. Die staat het verwagtings en die kerk het verwagtings. Nou begin 'n taal ontwikkel van ons en die kerk,” sê Van der Merwe.

Ander kwelpunte sluit in dat dominees dikwels nie behoorlik kennis dra wat die werk van 'n maatskaplike werker behels nie, dat maatskaplike werkers nie teologies opgelei is om geestelike gesprekke te voer nie en dat dominees by tye vakkundige terme gebruik wat vreemd op die oor val.

“Ek dink 'n eerlike gesprek moet gevoer word. Ek wil graag sien wat sien die kerk as barmhartigheidswerk en missionale diakonaat en wat sien ons as barmhartigheidswerk. Dit is twee definisies wat met mekaar moet praat,” sê De Wet Claassens, uitvoerende hoof van Engo, die NG Kerk se maatskaplike werkdienstorganisasie in die Vrystaat.

Die tema van die werkwinkel was lig. Een ligpunt volgens Van der Merwe is die paradigmaskuif in die NG Kerk oor die laaste paar dekades na missionale kerkwees wat die basis voorsien vir 'n nuwe besinning oor die roeping van 'n gemeente. Dit toon ooreenstemming met kerklike gesprekke wat tans in Europa gevoer word oor diakonia en 'n behoefte plaaslik aan 'n nuwe besinning oor die teologie van diakonaat.



Die NG Kerk het 'n ryke skat in kundigheid in haar maatskaplike werkdienstorganisasies en dit is tyd dat kerke dit benut om 'n ligpunt in hulle gemeenskap te wees, is gesê by 'n onlangse werkwinkel wat die Kerklike Maatskaplike Diensteraad by die Emseni-konferensiesentrum in Benoni gehou het. Foto: Heléne Meissenheimer

Die KMDR se pleidooi is dat gemeentes hulle kerklike maatskaplike diensorganisasies betrek by hierdie gesprekke omrede die waardevolle professionele bydrae wat maatskaplike werkers tot die kerk se gesprek oor hulle rol in hulle omgewing kan maak.

“Die NG Kerk sit met 'n skat, 'n wonderlike gawe wat die Here vir ons gegee het,” sê Van der Merwe met verwysing na die vakkundige kennis beskikbaar in kerklike maatskaplike diensorganisasies. Hy was voor sy aftrede as predikant betrokke beide by kerklike maatskaplike diensorganisasies en die Hugenate Kollege op Wellington.

Die Algemene Sinode het in 2019 'n Verklaring van Voorneme vanaf die KMDR aanvaar waarin die KMDR sê hulle glo kerklike maatskaplike werk is 'n integrale deel van die missionale roeping van die kerk.

“Kerklike maatskaplike werk moet absoluut geïntegreer word in gemeentewerk. Barmhartigheidswerk in 'n gemeente is onvervreembaar. Die antwoord is integrasie. Om saam te dink ... dink net aan die derduisende rande in droogtehulp wat vanuit gemeentes gekom het,” beaam ds Nelis Janse van Rensburg, moderator van die Algemene Sinode.

Dié integrasie kan begin deur doodgewoon net met mekaar in gesprek te begin tree. “Kom ons sê ons gaan nie nou almal op dieselfde bladsy kry nie, maar kom ons kry iets wat ons na die gemeentes kan vat ... Ek glo wanneer mense die resultate sien van hierdie omgee-village wat ons wil skep ... gaan dit mense oortuig,” sê Trinie Drotschie van Tutela, Sinode Hoëveld se kerklike maatskaplike dienswerkorganisasie.

Daar is selfs al gemeentes wat maatskaplike werkers in diens neem soos die

Toringkerk in die Paarl wat 'n jeugmaatskaplike werker aangestel het om te help met die bou van netwerke tussen ryk en arm in die gemeenskap. Die Hugenate Kollege op Wellington kan weer 'n belangrike rol speel in die toepaslike teologiese opleiding vir sulke maatskaplike werkers.

Daar is Christelike welsynsorganisasies soos PEN en MES wat ook in hierdie gesprek tuishoort. Daar is nie nou duidelikheid oor presies hoe al die gesprekke en die integrasie gaan lyk nie, maar dit is belangrik dat gesprekke op streekvlak voortgaan ... soos een dit gestel het “ons gaan 'n vliegtuig bou terwyl ons vlieg”, is Van der Merwe se pleidooi.

Verder sal die Taakspan Missionale Diakonaat 'n werkgroep vorm in samewerking met die KMDR en die Hugenate Kollege om gesamentlike ruimte te skep waar alles op die tafel gesit kan word, nie net teologie nie, het ds Nioma Venter, as PSD aan die hoof van dié taakspan en ondervoorsitter van die Algemene Sinode, ter afsluiting gesê.

In reaksie op *Kerkbode* se navraag hoe sy voel oor die dag se gesprekke antwoord Venter, self voorheen 'n maatskaplike werker, as volg: “Die nood daarbuite is geweldig groot en ... die sosiale uitdagings van ons land is kompleks en ons kan nie as kerk meer geïsoleerd hierop reageer nie. Ek dink die intensie om goed te doen en die hele geskiedenis van barmhartigheidswerk in ons land is fenomenaal, maar ons is in ander tye. Die kerk is kleiner. Die uitdagings is meer kompleks en ons het hierdie geweldige geskenk in die kerk van 'n groot aantal maatskaplike werkdienstorganisasies en dit het tyd geword dat ons mekaar net beter leer ken as vennote.”



Jaco Strydom gesels met **Amos Petersen**

Amos Petersen sal vir jou uitnooi en tuis laat voel

“As jy vir vlugtelinge uit Afrika in Malta sou vra, nou waarom kom jy Europa toe, sê hulle presies dieselfde as wat iemand sê as jy vra, waarom kom swot of werk jy op Stellenbosch: ‘Ek wil my pa trots maak, ek wil ’n beter lewe hê, ek wil vir my familie sorg,’” vertel Amos.

“Ek like dit mos om mense te gather en te invite, dis wat ek maklik doen. Ek gaan nou nie maklik ’n sisteem create nie, moenie vir Amos vra nie,” lag hy, “ek is horrible met dit, maar ek gaan vir jou invite, hoor!”

Ons gesels op Stellenbosch, hy is pas terug uit Malta waar hy onder vlugtelinge gewerk het.

Amos Petersen se pa was ’n VGK-predikant op Vredenburg in die Wes-Kaap, sy beste vriend Derik Basson se pa was die NG dominee op die dorp.

Hulle vriendskap kom ’n lang pad, reeds van kleuterskooldae af. Dit is dieselfde Derik wat hom jare later sou saamnooi na ’n hoërskoolkamp op Dwarskersbos, een van die groot draaipunte in sy lewe.

“Ek was altyd keen vir ’n kamp,” sê Amos, “en ek het op daardie stadium reeds geweet die Here wil my gebruik in die bediening, maar my aanvanklike

motief was, ek wil soos my pa wees, soos ’n Christen-rockstar rol, daar in die woongebied rondry in die Corolla en net waai vir almal. En toe op die kamp, kry die Here my hart beet en sê, ja, ek wil jou in die bediening hê, maar moenie vir ’n oomblik dink dit gaan oor jôu nie.”

Amos vertel dat hulle vriendskap ’n effek gehad het op hulle pa’s, die twee dominees van uiteenlopende gemeentes op die dorp, dat hulle nader aan mekaar beweeg het en uiteindelik ook hulle gemeentes.

Juis hierdie “nader beweeg aan mekaar”, is Amos se groot passie. Jy hoor dit as hy praat oor ekumene en sien dit in sy passie vir vlugtelinge, die mense wat sekerlik in enige samelewing die meeste uit voel.

Amos het na skool teologie studeer op Stellenbosch waar hy later ook vir ’n tyd lank jeugleer was by die studentegemeente, Kruiskerk.

Ek vra hom oor die mense wat ’n invloed op sy lewe gehad het. “Oom Erik van Moederkerk Vredenburg is in die diepste sin van die woord ’n geestelike pa. Ek ken hom al van ouderdom vyf af. Hy is net nog altyd in my corner. Hy is so konstant en help my net so om uit my

eië kop te kom,” sê Amos.

Hy vertel ook van die invloed van sy ma wat destyds dapper opgestaan het teen ongeregtigheid, sy diep geestelike ouma wat altyd vertel het dat sy op ’n sendingstasie grootgeword het en van Jan van Zyl, een van die dominees by Moedergemeente op Stellenbosch wat vandag steeds ’n mentor is na wie hy opkyk.

Jan van Zyl het hom destyds gewaarsku dat hy versigtig moet wees om nie in die strik te val om homself te begin meet aan die grootte van sy inkomste nie. “’n Belangrike les veral vir ’n student op Stellenbosch waar ’n mens jouself maklik begin meet aan jou status en materiële besittings,” sê Amos.

Voor ons gesprek drink ek koffie saam met Irénée Heyns, een van die ander dominees by Kruiskerk. “Amos het nog altyd ’n ekumeniese hart,” sê hy toe ek hom vertel van my volgende afspraak.

Amos is tans deel van Africa Inland Mission en werk saam met All People Church op Stellenbosch onder vlugtelinge in die omgewing. Van hulle kom uit Somalië, ander uit Malawi, Zambië en ander Afrikalande.

Wat dink hy van die groeiende xeno-



fobie in Suid-Afrika?

“Ons is Africans, maar ons like nie die ander Africans in ons land nie?” sê Amos. “Ek kan nie insien dat ons so hostile is teenoor ander Africans nie. Iets gebeur wanneer jy saam met hierdie mense Bybel lees en eet en saam kuier.” Een van die dinge wat hy saam met Africa Inland Mission aanbied, is die Discovery Bible Study. Amos sê vlugtelinge van ander gelowe, selfs Moslems, is oor die algemeen verbasend gretig om saam te ontdek wat in die Bybel staan.

Hy het groot lesse geleer toe hy die afgelope twee jaar in Malta gaan woon het waar hy saam met ’n plaaslike gemeente onder vlugtelinge gewerk het.

Malta is een van die eerste plekke waar vlugtelinge uit Afrika land wanneer hulle na Europa vlug.

Amos vertel van die wonderlike vriende wat hy gemaak het op die eiland en ’n groep Christientieners, saam met wie hy bedien het ... én van ’n plaaslike meisie wat sy hart gesteel het.

“Ek het nou die dag in Maltees ouers gevra!” sê Amos. Die meisie, Maria, is steeds in Malta waar sy tans besig is met ’n meestersgraad in verpleging, maar sy trek binnekort Suid-Afrika toe.

Ek vra Amos oor sy droom vir die kerk in Suid-Afrika.

“Ons moet lekker hande vat, man! Ouens van Moederkerk en ander kerke moet by ’n staff meeting kan sit en sê: ‘Jis man, dis amazing wat Every Nation doen, kom ons raak excited oor wat die Here doen daar in die Kongolese kerk in Bellville,’ en ons moet daai theology van suspicion net so in die pit in gooi en opgewonde raak oor hoe ons op grondvlak lief kan wees vir mekaar en na mekaar se stories begin luister. Banish daai theology of suspicion!”

► Ds Jaco Strydom is verbonde aan die NG gemeente Villieria in Pretoria en die Echo-jeuggemeenskappe.



Kerkbode: Minder en meer as toeka

Met 'n onlangse besoek aan *Kerkbode* se kantoor deel Johannes Froneman 'n paar gemoedelike staaltjies uit sy dae by hierdie publikasie (bl 12-13). Die strawwe spertye (die papierkoerant het destyds weekliks verskyn), die redaksionele stampe en stote in (nog 'n) komplekse tyd in die NG Kerk se geskiedenis. Froneman was assistentredakteur van *Kerkbode* van 1981-83 en het later as professor in joernalistiek aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus gedoseer.

Dit is sy indruk dat die kerk se koerant hier op Wellington (nie meer naby die parlement in die Moederstad nie), deesdae letterlik verder van politieke mag en figuurlik minder belangrik is. Dit is waar. Vraag en aanbod is, nes in die gewone ekonomie, sterk kragte in die digitale mediemark. Ons lesers soek deesdae in die eerste plek nuus op hulle slimfone en stel 'n premie op eie tydse goed soos psigies veilige ruimtes waar lesers maklik saam kan gesels oor nuusgebeure en nie alleenlik hoef te "luister" na die soort hoofartikels van weleer nie. Koerante oor die algemeen voel na 'n ietwat meer beskeie en dalk meer demokratiese gedoente as met die hoogwatermerk van drukmedia se geld en invloed in 'n pre-internet wêreld. Dit is ook van *Kerkbode* waar.

Tog is daar nuwe sterkpunte en hefbome wat 'n mens kan miskyk wanneer jy slegs deur 'n raam kyk van dinge wat afneem (invloed onder staatsleiers) of verminder (intekenaars op die papierkoerant en advertensie-inkomste). Die rol van data in die moderne nuuskantoor is revolusionêr. Die vermoë om daaglik dop te hou watter stories waar in die land deur hoeveel mense gelees word, is 'n redaksionele kompas waarvan destyds se redaksies slegs kon droom. Om hierdie insette met gebruiklike nuusoordeel en die heersende soort nuusortodoksie te versoen, het deel van alledaagse nuuswerk geword in enige digitale omgewing.

Dit is nie nou 'n tyd van "so doen ons dit nog altyd" nie. Dit is veral vir kleiner mediamaatskappye in Suid-Afrika eerder 'n tyd van deeglike data-ontleding, vernuwing ... en oorlewing.

KONTAK ONS**Teken in op Kerkbode**

Viona Ross
Tel 021 864 8278. E-pos: viona@tydskrifte.co.za

Redaksie:

Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na kerkbode@tydskrifte.co.za

Redakteur: Le Roux Schoeman

E-pos: leroux@kerkbode.co.za

Uitvoerende joernalis: Helène Meissenheimer

helene@bmedia.co.za

Ontwerper: Mario Small

E-pos: mario@kerkbode.co.za

Proefleser: Lambert Jacobs

Advertensies en vakatures:

Hanlie Raath

Sel 072 357 8914

E-pos: woes@mweb.co.za

Kleinadvertensies en amptelike nuus:

Lida Viljoen

E-pos: lida@tydskrifte.co.za

Tel (Halfdag): 021 864 8202

Bemarking:

Amanda van der Westhuizen, tel 021 864 8231

**Nog 'n Vrouemaand is verby**

Daar is 'n deel van my wat sug, rou, woede dra, moedeloos voel: oor maar net nog 'n maand waarin vroue se liggaam verniel is, verkratings en geweld eenvoudig aanhou gebeur het, mense gekies het om stil te bly eerder as om ongeregthede aan te meld, en teologiese debatte in sekere kringe eenvoudig aangehou het om die "feministiese" en "liberale" teoloë – diegene wat gerig is op sosiale verandering op grond van die Bybel se boodskap van Hoop – af te maak as humanistiese aktiviste wat die byldenisskrifte en die Woord van God versaak.

'n Deel van my is bang: oor wat nog 'n jaar sal inhou, tot die aanbreek van die volgende Vrouemaand in Augustus 2022. Watter spieël sal die statistieke oor 12 maande vir ons ophou? Watter situasies sal ek moet navigeer in die nabye toekoms, om myself as 'n vrou nog verder te probeer beveilig? Waarheen sal ek liefies nie alleen moet gaan nie, om gevaar te vermy? Weet ek wat om te doen as ek in 'n lewensbedreigende situasie sou wees? Of as ek seksuele geweld sou beleef? Sal ek die moed hê om dadelik hulp te gaan soek – soos wat ek vir ander aanspoor om te doen? En wat as die oortreder iemand sou wees wat ek ken – soos wat tipies die geval is? Waar sal ek getuig? En sal hulle my glo?

'n Deel van my wonder, soek, bepeins, pleit om insig: oor hoe gesprekke – juis in die kerk en in gemeentes – op respekvolle maniere kan plaasvind. Gesprekke oor ons liggaamlikheid, seksualiteit, die verwagtinge wat gestel word aan mans en aan vroue, die ervarings van vroues en manne wat ons self beleef ... Die voorbeelde waarmee ons grootgeword het, van hoe 'n huwelik lyk, en wie vir wie mag lief wees, en hoe gesonde en respekvolle liefde nou eintlik lyk, en wat die kerk vir ons leer die Bybel sê oor ons lyf en ons begeertes en ons passies.

'n Deel van my hou vas aan hoop, belofte, uit-

koms, vernuwing: vir 'n wêreld vry van mag-speletjies. Vir gemeentes as veilige ruimtes waar verwonde vroue en mans se stories geglo sal word. Vir bedieninge waarin predikante vertrouwd is met aanmeldingsprosedures vir huishoudelike geweld, seksuele geweld en verkratings. Vir jeugbedienaars wat gekoppel is aan skole en met jongmense 'n pad kan stap oor geloof en ons roeping as Liggaam van Christus om 'n heler, gesonder, veiliger wêreld te skep. Vir toenemend meer "allies" – juis ook manskollegas in die bediening – wat bereid is om saam met vroukollegas kerklike strukture te vernuwe en verander sodat ons saam kan opstaan teen onbillikheid en ongelykheid. Vir maatskaplike werkers en terapeute en polisieledes wat deel uitmaak van die netwerke van ondersteuning in gemeentes, wat met hulle vaardighede die kompleksiteit van seksuele geweld en mishandeling kan help aanspreek.

Nog 'n Vrouemaand is verby. 31 dae is afgemerkt.

Maar ek bly hou desperaat vas: aan God Drie-enig. Aan die Skepper wat ons elkeen na die beeld van God geskep het. Aan die Here wat bo alle aardse vorme van mag en heerskappy regeer. Aan die Koning wat ons uitnooi om met elke deel van ons bestaan – liggaam, siel en verstand – Hom te aanbid. Aan Jesus Christus wat deur sy lyding en kruisiging en opstanding nuwe lewe moontlik gemaak het – reeds in hierdie wêreld. En aan die Heilige Gees, die Trooster: die Een wat tegelykertyd trane afvee en heling bring – en met bomenslike krag die wêreld omkeer tot 'n nuwe bestaan. Elke sekonde, van elke dag. Elke maand, van elke jaar.

► *Dr Nina Müller van Velden is 'n postdoktorale navorsingsgenoot by die Departement Ou en Nuwe Testament, Universiteit Stellenbosch, en is lid van die Gendergeregtigheid Taakspan van die Wes-Kaapse sinode.*

Vele stemme oor vele aspekte

Niemand het gesê dit gaan maklik wees nie, nie om teologie te studeer nie en ook nie om vrou te wees nie. Die kontraste en struwelinge wat ons ervaar in die Fakulteit Teologie en ook in die bediening laat ons soms alleen en geïsoleerd voel, maar tog is daar 'n ongesiene band van vertrouwe tussen die vrouestudente. Die band is gevorm in die teorie van teologie, en dit word uitgeleef in die uitdagende, soms onbewoonbare en tog lewegewende bedienings. Ek het gaan aanklop by my medevrouestudente om te hoor hoe vroues hulle idee van God en hulle spiritualiteit, te midde van hierdie kontraste en struwelinge, beïnvloed.

Madré Arendse verwys na Rupi Kaur om te beskryf hoe sy voel oor vroues:
"I fell from the mouth of my mother's legs
into the palms of this world
with god herself raging in me."

Vir haar gaan dit oor die identiteit wat sy vind in God en hoe dit haar die krag gee om te weet wat sy werd is en wat sy as 'n gemarginaliseerde vrou kan doen in die wêreld. Dit is 'n lewegewende krag van waarheid en genade.

Amaryne Buys het van jongs af gevoel dat die verwagtinge van vroues, soos deur die wêreld bepaal, nie iets is waaraan sy kan voldoen nie. Maar soos sy ouer geword het, het sy geleer dat daar plek is vir haar eie idee van self en van spiritualiteit binne God se koninkryk. Vryheid binne God is dit waaraan ons as vroue graag wil vashou.

Hanel Thesnaar voel ook dat vroues oor meer gaan as net klere en voorkoms en dat liefde eerder dit is wat sy wil nastreef. Sy vind haar perfekte beeld van vroues dus in God en nie in die wêreld se oë nie.



Die geskenk van alleenheid

In die flik *Seeking a friend for the end of the world* (2012) speel daar 'n toneel af waarin die hoofkarakter, Dodge, se vriende daarvoor stry of hy alleen is, en of hy alleen gaan sterf wanneer die wêreld tot 'n einde kom. Hy word gevra of dit hom pla dat hy alleen gaan sterf, waarop sy beste vriend dan antwoord dat Dodge wel alleen is, net soos almal anders; en dat hy inderdaad alleen gaan sterf, net soos almal anders (hoewel saam met almal anders, in hierdie storie). "There's just no need to cling to who's closest," voeg sy vriend by.

Hierdie toneel laat my altyd baie diep nadink oor wat 'alleen' werklik beteken. Oor die laaste jaar en 'n half is ons as 'n samelewing, moontlik meer as vantevore, gekonfronteer met die realiteit van alleenheid. Verpligte isolasie is ons opgelê, en wêreldwyd – ook in Suid-Afrika – is daar aanduidings dat depressie en angs toegeneem het onder mense in hierdie tyd. Die impak op ons individuele en kollektiewe geestesgesondheid is, heel duidelik, enorm; en juis in hierdie tyd het ons weer die waarde van betekenisvolle verhoudings met mekaar besef.

Tog wonder ek of ons nie 'n belangrike geleentheid by ons sou kon laat verbyglip indien ons nie juis in hierdie tyd diep nadink oor alleenheid nie. Die woord 'alleen' is immers allesbehalwe 'n eenvoudige woord.

Binne die Gereformeerde tradisie sou die woord 'alleen', byvoorbeeld, ingespan word om 'n teologiese strydpunt of standpuntinname aan te dui. Dink aan die vyf bekende *sola's* – *sola Scriptura, sola fides, sola gratia, solus Christus, soli Deo gloria* – waarin die een konsekwente begrip juis die woord *sola*, 'alleen' is. Binne die konteks van die Reformasie sou die aanspraakmaking op 'alleen' 'n belangrike retoriese funksie vervul, naamlik om duidelik standpunt in te neem teenoor wat gesien is as kerklike vergrype en korrupsie.

Maar dit is nie net binne die konteks van kerklike polemieë en debatvoering waar hierdie woord opduik nie – ook in gesprekke oor menslike uniekheid is 'alleen' 'n gelade term.

In Wentzel van Huyssteen se boek, met die aangrypende titel *Alone in the world?* (2006), fokus hy op die vraag na menslike uniekheid binne wetenskap en teologie, en kom ons weer hierdie woord 'alleen' teë. Van Huyssteen verduidelik dat, binne die skeppingsverhale in Genesis, die skepping van mense die hoogtepunt van God se kreatiewe werk is, want onder al die skepsels word slégs die mens beskryf as *imago Dei*.

Die mens alléén – onder al die diere, onder al die plante – is die

beeld van God. In 'n teologiese sin is ons dus inderdaad 'alleen in die wêreld', verduidelik Van Huyssteen. Maar ook binne 'n paleoantropologiese perspektief sou ons 'alleen in die wêreld' wees, argumenteer Van Huyssteen, aangesien mense die laaste van die hominiede spesies op aarde is.

'Alleen' is dus 'n ryk beskrywing, wat verskillende goed kan beteken. Dit kan dui op uniekheid, om spesiaal te wees. Dit kan dui op eensaamheid, om geïsoleerd te leef. Dit kan wys op 'n gebrek aan gemeenskap en 'n kapasiteitstekort vir verhoudings; maar dalk kan dit ook as 'n geskenk beskou word wat ons uitnooi om dieper selfondersoek te doen.

In sy *Bread for the journey* (2006), skryf Henri Nouwen dat alle mense alleen is, omdat geen ander mens volledig sal voel hoe ons voel, dink soos ons dink, of optree soos ons optree nie. Juis omdat ons uniek is, is ons alleen – die vraag is dus eerder wat ons maak met die geskenk van ons alleenheid, meen Nouwen, as hoe om alleenheid geheel en al te vermy. Laat ons ons alleenheid 'n pynlike eensaamheid word, wat ons in desperaatheid aan ander laat vasklem en vasklou; of word ons alleenheid omvorm tot 'n ryk en vrugbare vrede met onself, van waaruit ons ander in hulle uniekheid kan respekteer en gemeenskap kan skep?

Dit is nie moeilik om talle voorbeelde te vind van Jesus wat Homself geïsoleer het van mense nie. Tog is dit aan die kruis, in die woorde van Psalm 22 – "My God, my God, waarom het U My verlaat?" – wat Christus se pynlike, Goddelike alleenheid die kweekgrond word waaruit ons troos spruit. Godsalleenheid aan die kruis verander die realiteit van elkeen van ons se dood. In Christus se alleendood word ons dood 'n ontvangs in God; en word ons alleenheid onderskep, verdiep, en verryk deur die troos dat ons in Christus, áán Christus, behoort.

Gemeenskap is immers nie die plek waar ons nie meer alleen is nie, skryf Nouwen, maar eerder waar ons mekaar se alleenheid begroet, respekteer, en beskerm. Die kerk behoort daarom dié gemeenskap te wees waar ons die geskenk van alleenheid kan koester en kweek,

"tot ek my eensaamheid besit,
volmaak, as kosbare gewin"

(NP van Wyk Louw, "My venster is 'n blanke vlak").

*Opedra aan Lou & Marie Buchner

► Dr Nadia Marais doseer *Sistematiese Teologie* aan die Universiteit Stellenbosch en is lid van die moderatuur van die Wes-Kaapse Sinode.

van vrouwees

GASRUBRIEK Christine Venter



Mia van der Merwe kyk na die verskillende beelde en metafore van God; ouer, vader, vriendin en sy probeer oopkop bly om God nie in 'n boksie te plaas nie, maar eerder toe te laat dat die stories van liefde deur Christus die praatwerk doen.

Onafhanklikheid is 'n woord wat Melizza Romani gebruik om vrouwees te definieer, en dit is iets wat sy geleer het deur op haarself en op God staat te maak. Die uitdagings wat sy en haar mede-vrouestudente ervaar, "empower" haar om te groei in God se genade.

Daar is baie balle wat ons in die lug moet hou met hierdie identiteitsmerkers wat ons om ons nek dra, maar ons weet dat daar altyd iemand sal wees wat langs ons sal staan en sal kwaad word oor die ongeregthede van die dag, dat daar iemand is wat ons kop sal hoog hou wanneer die lewe te veel raak. Ek is dankbaar vir elke vrouestudent wat my help om lief te hê met die goddelike liefde wat sonder moeite by hulle uitstraal.

● Kerkbode *bied hierdie rubriekreeks aan in samewerking met die Sinode van Wes-Kaapland se Gender Taakspan.*



Madré Arendse




Amaryne Buys



Hanel Thesnaar



Mia van der Merwe



Melizza Romani

Oor die reg om te verskil

Henrietta Klaasing van Randfontein skryf:

Lees die Algemene Sinode (AS) se SGV-besluit saam met onlangse berigte in *Kerkbode* en in die sekulêre media rakende uiteenlopende benaderings in die NG Kerk.

In die een berig trek 'n Oos-Kaapse kerkleier te velde teen 'n gewaande "mobiliseringsveldtog" van Kairos Netwerk. In punt 9 van die AS se SGV-besluit van 2019 word kennis gegee dat "daar 'n span saamgestel sal word wat elke streeksinode sal besoek om hierdie saak duidelik en deeglik deur te werk". 'n Gids is ook in Maart 2020 hiervoor ontwikkel. Is dit regverdig dat daar in die kerk mobilisering is om "hierdie saak" (die on-Bybelse SGV-besluit) "duidelik en deeglik deur te werk", terwyl dolerendes nie die reg het om hulle standpunte duidelik en deeglik voor te lê nie?

In dieselfde punt 9 staan: "Die sinode wil graag die ruimte wat vir almal geskep word, om volgens hulle oortuiging op te tree, bevestig". Soos ek dit verstaan, word hierdeur aan dolerendes soos Kairos Netwerk en die Namibiese groep *Sola Scriptura*, die reg gegee om te verskil.

By punt 3 van die AS se SGV 2019-besluit, is die soetklinkende stelling: "Die sinode is verbind tot 'n voortgaande en nederige diepe luister na mekaar, met respek vir mekaar se uiteenlopende benaderings, Skrifhantering en hermeneutiek." Ek ervaar in berigte in die media en op sosiale media deur sommige hooggeplaasdes in die NG Kerk, juis die teenoorgestelde.

My belewenis is dat daar ontken word dat behoudendes die reg het om hulle standpunte te stel, volgens hulle oortuigings op te tree en op te staan vir die Waarheid van God se Woord.

Nuwe liedere tot eer van die Here

Jan Breytenbach van Premiersmyn, Cullinan, skryf:

God beveel ons en plaas in ons die ywer om nuwe liedere te sing tot sy eer.

Ons doen dit Sondae in die erediensdeur deur ook liedere uit VONKK en Flam, wat pragtige woorde en nuwe wysies het, te sing.

Ons kan dit egter nie by ons huis sing nie, want die woorde en musiek is nie vir die normale mense beskikbaar nie.

Waarom verhoed hierdie Christene wat deur God gelei is om die woorde en liedere te skryf, die verspreiding van hierdie liedere? Hoekom mag ons net Sondae in die kerk hierdie liedere sing om God te verheerlik?

Ons liggaam is ook God se tempel en ons wil dit graag oral sing tot sy eer!

Liberalisme is 'n werklikheid in die kerk

Philip Coetzee skryf:

Hoffecker skryf dat liberaliste besig is om die tradisionele kerk te probeer verswelg deur ortodokse of tradisionele geloof te vervang met 'n verligte teologie wat gemik is op humanistiese beginsels. Daarom is pragmatisme die hoofrolspeler, die mens se eie verstaan van die Bybel, soos hy/sy dit wil interpreteer of toepas, "detach reason from faith". Verder skryf Brown, 'n bekende liberale teoloog, dat liberale teologie die Bybel deur kontemporêre sekulêre denke normaliseer, en in die geval van konflik of teenoorgestelde oortuigings, eie siening die norm moet bepaal, dat persoonlike en kollektiewe oortuigings gelykstaande is aan 'n persoon se rasionele denke en oortuigings. Dus, liberalisme in die kerk kan ly tot identiteitsverstrooiing.

Verwarrende uitsprake, hoofsaaklik deur geestelike leiers, kan lei tot identiteitsverstrooiing. Die gevolge is dat dit jou verhinder om jou aanvanklike oortuigings nie as geloofwaardig te ag nie, jy is nou vasevang in 'n gees van verstrooidheid! In 2 Timoteus 3:13 voorsien Paulus juis identiteitsverstrooiing wat tweeledig van aard is: eerstens, sal daar misleidende leiers wees wat ook self mislei is (verstrooides); en tweedens, sal hulle gelowiges teiken om verstrooiing te bewerkstellig om hulle verskuilde agendas te bevorder. Met ander woorde, jou soeke na die waarheid word nou verswelg deur verstrooiing, en jy sukkel om jouself te vereenselwig met die waarheid wat jy geleer het (1 Tim 4:14-16). Ons kan dus tereg vra, in watter klas val die volgende: om te verklaar dat sekere morele sondes, soos die beoefening van homoseksualiteit, nie werklik 'n sonde is nie maar eerder 'n gawe van God; dat Satan en die Hel nie 'n werklikheid is nie; die skeppingsverhaal in Genesis nie moontlik was nie en evolusie nader aan die waarheid is; God gesien kan word as 'n manlike of vroulike wese, dus nie die Vader nie; die Jode uit God se plan gesnoei is volgens Johannes 15:1-17; om net sommiges te noem? Dus kan dit lei tot strominge van verwarring in kerkgeledere.

Humanisme, die tweeling van liberalisme, vind sterk aanklank by postmodernisme en sekularisme, teer op ons huidige geloofskrisis, sodoende kan dit as selfverlossingsleer beskryf word. Selfverlossingsleer (sinkretisme) word deur Robert Schreiter gedefinieer as die vermenging van verskillende gelowe of oortuigings waartydens een, of almal, hulle basiese struktuur of identiteit kan verloor of verander. Aanhangers van 'n humanistiese kultuur of wetenskap wil hulle, net soos postmodernisme, vry maak van enige vorm van "gevangenskap" deur die Bybel. Met ander woorde, humaniste wil hulle eie wêreld skep

waar die mens in beheer is en sonder beperkings of voorskrifte leef, dus, God en die Bybel moet 'n "agterstoel" inneem. Hulle doel is om 'n stigma aan mense te laat kleef wat hulle Godsdienornorme in twyfel trek, 'n vorm van identiteitsverstrooiing. Ihab Hassan (in GE Veith) skryf dat hierdie tendens 'n kulturele gebaseerde tendens is waar die werklikheid as 'n sosiale herkonstruksie gesien moet word, en dat dit 'n erge vorm van oppervlakkigheid (wêrelds) en liberalisme demonstreer. Hoe kan ons die vloei van humanisme in liberalisme volg?

Liberaliste, of verligtes, soos sommige van hulle na hulleself verwys, bevat heelwat eienskappe van postmodernisme en humanisme. Hierdie "hervormers" wil die Heilige Skrif, of Bybel, verlaag tot 'n vlak van hulle denke en redenasie, 'n sekulêre boek. Daarom stel hulle die Bybel voor as 'n boek vol teenstrydighede of 'n boek wat histories van aard is, 'n boek wat baie fabels bevat, en 'n boek met veranderlikes. Veranderlikes in die sin van dit wat in die Bybel se tyd geskryf is, is nie meer van toepassing op ons nie, maar net relatief tot die oorspronklike gehoor. Met ander woorde, die Bybel vertel nie 'n volle verhaal nie, want die meeste van die Bybel was net van toepassing vir daardie tyd; maar 'n halwe waarheid omdat nie alles in die Bybel vir ons kontemporêre slag geldig is nie.

Daarom stel hulle dit voorop dat huidige ondervinding, kennis, die wetenskap en etiek, die norm moet wees van redenering, bo dit wat die Bybel stel as absolutes (absolutes: wat vir die oorspronklike gehoor en vir ons vandag dieselfde betekenis en waarde het). Vern Poythress, 'n bekende Amerikaanse teoloog en filosoof, beskryf liberalisme as 'n neiging of beginsel wat die Bybel fundamenteel gelykvormig met alle ander menslike gebeure sien. Met ander woorde, die mens het die reg om 'n sekulêre spiritualiteitswêreld te skep waarin hulle nie gebind is tot 'n spesifieke godsdiens of dele daarvan nie. Hierdie verstaan is lynreg in teenstelling met dit wat die Kruis vir ons gedoen het of nog beteken: *om alles te verander en om hemel en aarde bymekaar te bring*. Dus kan die voorafgaande strominge Christene in 'n staat van beskuldiging voor God plaas.

Is daar 'n 'belyningskloof' tussen die Algemene Sinode en lidmate?

Arnold Griesel van Bethulie skryf:

Die gerespekteerde sakeman Brand Pretorius – bekend veral as hoof van Toyota en McCarthy Holdings – het onlangs aan 'n navideo-konferensie deelgeneem wat deur Kairos Netwerk (KN) aangebied is. Pretorius tref 'n analogie tussen sakebestuur en kerkbestuur. Bekende

bedryfsbegrippe soos visie, missie, slagspreuke, produk differensiasie, -spesifikasie en -degradasie, is ook in kerkbestuur bruikbaar. By Toyota is betroubaarheid as die unieke verkoopvoorstel geïdentifiseer. Produk differensiasie word daarop geskoei en reklame en fokus sentreer daarom. Slegs Toyota-opgeleide tegnisi mag voertuie diens; 'n afwyking van die voorskrif mag daartoe lei dat die eenaar sy waarborg verbeur. Handleidingprotokolle word aan verbruikers verskaf. Dit belyn produkspesifikasies en gebruiksaanwysings met verwagte en voorgeskrewe verbruikersgedrag. Slegs oorspronklike Toyota-onderdele is toelaatbaar (voorkoming van produkmodifikasies of diversifikasies lei tot produkintegriteit) en voorkom produkdegradasie. Uit bostaande word die inhoud van die beginsels van belyning ('n term wat gereeld in die aanbieding gebruik word) betekenis gegee. Met die slagspreuk "Alles loop reg, altyd reg, Toyota" het Toyota markleiers geword.

Analogies sou 'n mens soortgelyke afleidings kon maak betreffende geloofsdifferensiasie in die NG Kerk. Die NG Kerk bely amptelik die algemene Christelike geloof soos vervat in die bekende Drie Formuliere van Eenheid. Hiermee word die NG Kerk se leer gedifferensieer. Dit is duidelik dat die heilige Skrif gesag dra in die kerk, en, "niemand, selfs nie die apostels nie, anders mag leer as wat deur die heilige Skrif geleer word nie". Met ander woorde, die Skrif is die kerk se gesaghebbende handleiding van geloof en praktyk – waaraan bedienaars van die Woord volkome onderhewig is. Kerklike kontroles in hierdie verband: eerstens, 'n kuratorium met oorsig en remediërende funksies, en tweedens, persoonlike integriteitsvereistes, naamlik die aflê van 'n legitimasie-eed, waarin predikante belowe om die Woord ten alle tye suiwer te verkondig, en die belydenisse te handhaaf. Daar is dus duidelike analogieë tussen produk- en geloofsdifferensiasie, soos Pretorius gevisualiseer het.

Maar, net soos Toyota-motors degradeer wanneer die handleiding verontagsaam word, so kom die NG Kerk se produkintegriteit (suiwer geloof) in gedrang deur onskriftuurlike modifikasies. Baie lidmate ervaar 'n wyerwordende belyningskloof tussen die Algemene Sinode (AS) se siening en handeling met die kerk se amptelike leer, maar wekrope tot regstellende maatreëls word geïgnoreer. Hierdie wekrope word feller by die dag. In skrywes soos Ontmoet Kairos Netwerk, Die Strand se brief, en *Sola Scriptura* van Namibië word besonderhede van die dwaalleer uitgewys. Die kort van die saak is dat die AS se belyningsbestuur nie op "eenheid in waarheid" fokus, soos die belydenisskrifte beoog nie, maar op wanbelyning van "glo-soos-wat-jy-wil" geloofsdiversiteit.

Só kan ons kalm oor die Covid-entstof met mekaar verskil

Vurige opposisie teen die entstof is geensins uniek aan Suid-Afrika nie. In Kanada, Australië, Frankryk en Londen moes die polisie al by massa-anti-entstofbetogings ingryp wat wou handuit ruk. In vergelyking daarmee gaan dit ter plaatse eintlik betreklik rustig – slegs ’n klein anti-vaxxergroepie het byvoorbeeld onlangs voor Groote Schuur-hospitaal in Kaapstad plakkate geswaai om hulle teenkating te wys.

Op sosiale mediaplatforms spreek mense, selfs medici, egter hulle opinies vir of teen inent dikwels kaalvuus uit. Ook gelowiges hou nie terug om mekaar enersyds te beskuldig van die ‘merk van die dier’ kry of andersins as onverskillig te wees met ander se lewe nie.

Heléne Meissenheimer hoor by ’n kliniese maatskaplike werker hoe gelowiges gesprekke oor dié onderwerp kan benader sonder dat verhoudings verbrokkel.

● Besoek www.kerkbode.co.za om hierdie artikel te lees en saam te gesels. Laai die app af om op die hoogte te bly.



Sal ek dit vat of sal ek nie? Patricia Theart is een van 80 haweloses wat in Augustus die kans aangegryp het om ’n Covid-inenting by MES se Parow Drop-in-sentrum te kry danksy ’n inisiatief deur VRCID (Voortrekker Road Corridor Improvement District), die Bellville-kliniek en die gesondheidsdepartement.
Foto: Gerda Gerber (MES)

GASRUBRIEK
Henda Gaum

Die ongasvrye kerk ... toe en nou

Ek kom uit ’n geslag van predikante. My pa was ’n predikant, my suster se man was ’n predikant, hulle seun is ’n predikant, my man is ’n predikant en my seun is ’n predikant. My ondervinding en beleving van predikante kom dus van my doekdae af. Ook met die “hiërargie” van predikante is ek goed vertrouwd. My pa was lid van die moderatuur van die destydse Natalse NG Kerk. My ma was een van die stigters van die “Bond van Dienaresse” wat later die Vrouediens geword het. My man was agt jaar lank skriba van die Algemene Sinode en ook moderator van die Wes-Kaapse sinode. Ek self het in kerkrade gedien en was ’n afgevaardigde na sinodes.

Ek ken die kerk dus deur en deur in al sy vorme en formate en strukture. Van kleins af moes ons drie kinders vrede maak met al die vergaderings waarheen ons ouers altyd op pad was. Ons het ’n wonderlike swart vrou en haar man gehad wat na ons moes omsien as ons ouers by kerkvergaderings moes wees. In die aande het Melina kos gemaak, kleintyd vir ons gebad en stories vertel. Hulle was ons plaasvervangende ouers. Zwempi het voor die hek gewag tot ons pa en ma soms laataand terugkom van hulle kerklike verpligtinge. My pa het dikwels in

Zoeloe gepreek en hoewel diep in die apartheidsjare, was die onderlinge verhoudings goed. Dit het my eers later getref dat daar amper onoorbrugbare gapings tussen ons was – juis wat die kerk betref. Zwempi was wagter by die hek, maar ons het nooit saam na dieselfde kerk toe gegaan nie. Hy en sy vrou is wel saans binnegeroep vir huisgodsdien. So het ek grootgeword.

Later jare, toe ek met ’n predikant getroud is, het die prentjie nie veel verander nie. Kerkvergaderings was nog altyd aan die orde van die dag. My man was dikwels weg van die huis met in ’n stadium drie kantore – in Kaapstad, Johannesburg en Pretoria – wat beman moes word. Uit ons huwelik is drie kinders gebore waarvan die een ook predikant geword het. My geskiedenis met predikante en die kerk was op en af – en die laaste deel van my storie was die ergste. My seun, wat ’n gay predikant is, het my die kerk laat belewe soos Zwempi-hulle seker die wit kerk beleef het. Ongasvry.

Die sinodes het hulle grys gepraat oor homoseksualiteit en jare lank nie tot ’n punt gekom nie. Die Wes-Kaapse sinode het uiteindelik ’n besluit geneem wat gay mense in die kerk verwelkom, maar dit was tog bra binnensmonds. Dit het ook die besluit van die Algemene Sinode in

2019 geword. Dat die kerk deur ’n hofsaak daartoe gedwing moes word, is tragies en het ’n wrang smaak in my mond gelaat. Dit het ook beteken dat kerkrade in volle beheer was of hulle ooit ’n gay predikant wil beroep. In my hart het ek geweet min of geen kerkraad sou ’n gay predikant wou beroep nie. Na die “triomfantelike” besluit van 2019 het dit in die praktyk van gay predikante – en “gewone” gay lidmate – se lewe ook so uitgespeel. Weer moes hulle (en moet steeds) verwerping deur kerkmense belewe, al is dit dalk nie meer so blatant soos voorheen nie.

Toe ons ’n paar jaar gelede in Glentana ’n groep gestig het en gays en hulle mense daarby betrek het, het ons oor en oor die verhale van hulle verwerping deur die kerk gehoor. Ongasvryheid! Deesdae moet gay predikante probeer oorleef deur sonder die kerk se bystand een of ander werk in die hande te kry. Daar word deur sommige Christene en kerklui selfs gesê dat hulle hulle eie kerk moet stig. Ek het soms in Kaapstad na so ’n kerk vir gay mense gegaan, en ek het gedink: Wat ’n aanklag teen die “gemeenskap van die heiliges” dat gay mense apart kerk hou! Selfs die gedagte dat gay predikante op deelydse basis as tentmakers beroep moet word om hulle sodoende in die kerklike strukture te

betrek, het min aftrek gekry.

Die vrese dat die kerk sal skeur, het meegebring dat die kerklike establishment ’n oop deur het vir beswaardes, maar nog baie min gedoen het om herstellende geregtigheid te bewerk en daadwerklik versoening/begrip tussen heteroseksuele en homoseksuele mense in die kerk te bevorder. Daar is wel ’n ruk gelede deur ’n gay-afvaardiging met die NG Kerk se moderatuur gepraat oor herstellende geregtigheid ... maar dit is al twee jaar na die Algemene Sinode se besluit, en nog niks het in dié verband gebeur nie. Die gepleit het op dowe kerkore geval. Reeds twee prominente kerkleiers het dr Chris van Wyk om verskoning gevra. En die beswaardes van die Kairos Netwerk slaag daarin om die kerklike establishment se aandag gevange te hou.

Ongelukkig, na ’n leeftyd in die kerk, het ek die kerklike strukture afgeskryf. Hulle is meestal aan die retireer en is huiwerig om moedig die regte ding te doen. Maar my Here is nog altyd die Koning van die kerk wat, toe Hy op aarde was, besondere deernis vir verontregtes en randfigure gehad het. Onthou jy? Hy het saam met hulle geëet en vrolik gewees. Die beswaardes het gemor en sy dood beplan, maar Hy het geweet wat gasvryheid is. Vir Hom volg ek.

Anandie Greyling en Marileen Steyn kyk na die nuutste navorsing in teologie en vra: so what? Kontak Anandie by anandiegreyling@gmail.com en Marileen by marileen.steyn@gmail.com



Anandie gesels met **PIETER VISSER**



Wierdapark doen eie navorsing tydens Covid

Ek kan nie meer onthou waar ek vir dr Pieter Visser, medeleraar van NG Wierdapark, ontmoet het nie. Dit was waarskynlik by 'n kerkvergadering. Jy sal ons menigmaal by dié vergaderings se koffiestasie kry. In elke gesprek met Visser stap ek verryk weg en wonder ek meer oor die kerk en haar mense. Hierdie onderhoud vir *Kerkbode* was geen uitsondering nie.

Wierdapark-gemeente het na ringsgesprekke besluit om navorsing in hulle gemeente te doen. Die vraag het ontstaan: Hoe kweek jy dissipels in 'n digitale ruimte of te wel era? Dit was vir die predikantespan belangrik dat dit nie eensydige kommunikasie is nie, maar sal fokus op hoe die gemeente kan deelneem aan 'n proses.

Voordat die vraelys opgestel is, het 'n kleiner span 'n buitepersoon ingetrek om 'n gesprek te fasiliteer en saam te beplan. Hier het hulle bepaal dat hulle aanvanklike vraag moontlik die verkeerde vraag was om te vra. Die vraag word herformuleer om te fokus op hoe gemeentede bedien wil word. Visser verduidelik dat ons (nie net gemeentes of predikante nie) onself bevind in onbekende waters. Daar is min maatstawwe wat regtig kan reflekteer hoe dit tans gaan. Daarom was hulle daarvan oortuig om die lidmate self te vra.

Die vraelys is opgestel om beide die fisiese byeenkomste sowel as die digitale ontmoetings in ag te neem. Visser het voor die navorsing aangeneem dat hulle gemeente se webblad 'n sogenaamde 'hub' is. 'n Plek waar mense digitaal inskakel. Nadat die data bestudeer en geïnterpreteer is, het hulle tot die besef gekom dat hulle WhatsApp-kommunikasie eerder die verkose medium is. Wierdapark-gemeente, nes baie ander, stuur op WhatsApp die YouTube-skakel na die videopreek, gedagte vir die week en ander kommunikasie.

Wierdapark-gemeente het ook in die vraelys aangedui dat hulle meer wou weet hoe dit met hulle gemeenskap gaan. Wat is die lief en leed, asook hoe hulle kan help of ondersteun. Visser vertel dat hulle dadelik hierop verskerp het en meer gereeld e-posse spesifiek hieroor begin uitstuur het.

Visser verduidelik ook dat deur die YouTube-kanaal se statistieke dop te hou, kon hulle bepaal dat nie almal lieder tydens die YouTube-eredienste wou kyk nie. Daarom het hulle dit aangepas en twee video's opgelaa – een met musiek en een daarsonder. Die gemeente het baie positief hierop gereageer en dit het tot gevolg gehad dat meer mense inskakel op die YouTube-eredienste.

Hierdie vraelys is ook gebruik vir 'n tipe bewusmaking. Visser het eerder moontlikhede gelys waaruit lidmate kon aandui wat hulle bygewoon het, in plaas daarvan dat lidmate self

moontlikhede moes uitdink. Verder meen Visser dat die vraelys verskillende redes aangedui het hoekom mense eerder digitaal inskakel. Hierdie redes sluit Covid-19 in, maar ook nuwe ritmes wat aangeleer is. Visser beklemtoon dat hulle gemeente nie van digitale lidmate 'n sogenaamde 'tweedeklas lidmaat' maak nie. Dit is interessant dat die refleksie van die vraelys aandui dat mense 'n behoefte het vir saam kuier by die kerk. Verder wil dit vir Visser voorkom of mense steeds eerder by hulle eie gemeente inskakel, al is dit dan digitaal.

Ek vra vir Visser of ons dit teologies kan regverdig om lidmate te vra *hoe* hulle bedien wil word. Visser se narratiewe aanslag slaan sterk deur as hy antwoord "is dit nie eintlik arrogant om te sê nie, ongeag wat julle soek, dit is wat julle gaan kry". Wie is regtig die kenner op die gebied? Ons as teoloë kan kies hoe om die boodskap op 'n sekere manier te verpak, maar die lidmate is tog ook kenners van hulle eie lewe en wat hulle nodig het. "Ons (predikante) is daar om 'n gesprek te fasiliteer. Ons is vertalers," meen Visser.

Verder moet ons gemeentede vertrou, sê Visser. Veral as ons hulle so in 'n proses betrek en in 'n onseker tyd soos hierdie. Terugvoer moet altyd met respek hanteer word en ons moet besef ons is besig met 'n stuk interpretasie wanneer ons die terugvoer lees. Visser stel voor dat 'n mens jou eie vooroordele besef en erken in hierdie proses.

Dit wat binne Wierdapark-gemeente se vermoë was om te implementeer (vanuit die terugvoer) het hulle gedoen. "Onmiddellik," sê Visser. Verder het mense hulle name in die vraelys aangedui en het die gemeente met individue kontak gemaak indien hulle kon sien dat daar eintlik 'n behoefte vir 'n gesprek is. Visser se raad is dat 'n gemeente ook moet vra hoe volhoubaar is dit wat geïmplementeer word. Hulle gemeente het byvoorbeeld in hierdie tyd baie sterk saam met ringsgemeentes begin werk.

Ek hoor iets by Visser oor vooropgestelde idees wat ons moet bely as ons mense innooi om deel van 'n navorsingsproses te wees. Visser versinnebeeld 'n narratiewe aanslag wat fokus op 'n respekvolle wyse en vertrou wat deurlopend deel van so 'n proses moet wees. En laastens, Visser oortuig my dat 'n mens met 'n opregte voorneme moet kom om die data te interpreteer en om te luister na wat mense 'sê' in 'n vraelys.

● *Dr Pieter Visser is medeleraar by NG Wierdapark in Centurion. Hy het sy doktoraal aan NWU in Pastorale Narratiewe Terapie (Voorhuwelikse begeleiding en werk-gesin-balans) voltooi. Hy het ook 'n passie vir digitale bediening.*

► *Ds Anandie Greyling is verbonde aan die NG gemeente Pierre van Reyneveld.*

Hierdie skrywes word aangebied in samewerking met en met ondersteuning van die Taakspan vir Teologiese Navorsing (Wes-Kaap).



Marileen gesels met **TOM SMITH**



Wat sal ons dan in al hierdie dinge hoor?

Ds Tom Smith vertel vir Marileen Steyn meer oor die navorsing wat Fontainebleau Gemeenskapskerk in hulle gemeente gedoen het en gesels oor die belang van luister.

“**W**at sal ons dan van hierdie dinge sê?” Hierdie woorde van Paulus speel gereeld in my gedagtes. Dit is die “so what?” van elke preek, elke gesprek, elke ervaring, elke stuk navorsing wat my pad kruis. Wat sal ek dan van hierdie dinge sê?

En dan tref Covid. Covid, met al die ontwrigting wat ons almal al genoeg aan ons lyf gevoel het sodat dit nie nodig is om dit hier uit te spel nie. Die predikant in my wonder nou al vir 18 maande: Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? Die navorser in my vra: Wat sal ander dan van hierdie dinge sê?

Dit is hoe dit gebeur het dat ek met ds Tom Smith van Fontainebleau Gemeenskapskerk (FGK) begin gesels het oor Covid, kerk-wees en die breedvoerige navorsing wat die gemeente onlangs onder hulle gemeente gedoen het.

Wat sal Smith dan van hierdie dinge sê?

Die navorsing waarvoor Smith gesels, is nie net navorsing ter wille van navorsing nie. Dit is deel van ’n groter luisterproses waarmee die gemeente al sedert November 2020 besig is. Dit is ’n proses wat spruit uit die gemeente se diepe behoefte vir geloofsonderskeiding. Smith beskryf geloofsonderskeiding as “’n ritme van ontdek waar ons nou is”. Dit is ’n proses wat vra dat die gemeente luister.

Smith praat oor hoe belangrik luisterprosesse is in ’n tyd wanneer digitale bediening dikwels eenrigting kommunikasie vanaf die kerkleierskap na die gemeente tot gevolg het. “Ons moet kan luister,” benadruk hy. Die fokus vir Smith en FGK, besef ek meteens, was nie soseer op wat hulle kan sê nie, maar wat hulle kan hoor.

So, wat het Smith en FGK dan van hierdie dinge gehoor?

Hy praat dadelik van die gemeente se diepe behoefte aan sinvolle groei en dissipelskap. Die gemeente toon ’n behoefte om in kleiner en “mid-size” groepe te groei en geloofsgemeenskap te vind. Die groei waarna daar gehunker word, is nie, verduidelik Smith, die klassieke Bybelstudie nie. In FGK se konteks is dit eerder om sin te maak van wat die sin van die lewe is vir ’n tipiese wit gemeenskap wat hulleself in die kapitalistiese wêreld bevind.

Dit is uit hierdie plek waar die stemme in Covid-tyd nie

net vrae vra oor Covid nie, maar ook oor sake soos Black Lives Matter, oor multikulturaliteit en oor die plek van mense in Suid-Afrika in die aangesig van geweld en plundering. Smith vertel van die manier waarop die ontwrigting van Covid die skeure wat reeds daar was, oopgebreek het en versterk het. Hy wys uit dat baie van die verskynsels van die tyd nie te vinnig alleenlik aan Covid toegeskryf moet word nie, maar dat daar fyn geluister moet word om te sien of hierdie verskynsels nie alreeds voor Covid teenwoordig was nie. Van die stemme wat in hierdie tye gehoor word, was moontlik lankal reeds daar, maar kry nou eers te midde van die krisistye ’n gehoor.

Ek vra vir Smith watter insigte van hulle luisterproses iets vir gemeentes in totaal ander kontekste kan beteken. Hy meen egter dat die proses waarin FGK hulleself bevind van meer waarde vir ander gemeentes kan wees as die resultate van daardie proses. Op hierdie punt verwys hy na die NG Kerk se hulpbron “In pas” wat gemeentes soos FGK gehelp het om te luister, maar wat ook ander kan help om in pas met God te lewe.

Die luisterproses is ’n belydenis dat God aktief besig is in Covid en dat daar stories is van hoe God in mense se lewe werk – ook in hierdie tye. Smith haal vir Pat Keifert aan: “God is *verbing*”. *Verbing*, wat speel met die Engels vir ‘werkwoord’ is ’n manier om te praat van die manier waarop God aktief betrokke is. Op hierdie punt haal hy Gerard Manley Hopkins aan: “Christ plays in ten thousand places.” Dit sou later ook ’n titel van een van Eugene Peterson se boeke word. Hierdie belydenis vra dat Christene en gemeentes na God se “*verbing*” luister en dit raak hoor.

Die geloofsgewoonte van luister is nie net tot die leierskap beperk nie. FGK het ’n span van 20 lidmate by die luisterproses betrek en sodoende, verduidelik Smith, ontwikkel hulle ’n kultuur van mense wat leer luister. Dit is een van die maniere waarop die gemeente kan beweeg om gemeentede toe te rus in die gemeentede se bediening.

“God is nie verlore in die tyd nie,” sê Smith. Partykeer is God besig om te treur, partykeer om te konfronteer, maar God is besig om te werk. As predikant word ek dus uitgenooi, nie net om iets oor al hierdie dinge te sê nie, maar eerder saam met elke gemeentelid te vra: Wat sal ons dan in al hierdie dinge hoor?

● Ds Tom Smith is medeleraar by die Fontainebleau Gemeenskapskerk in Johannesburg.

► Ds Marileen Steyn is jeugleeraar by NG Saldanha.

Dis genade dat kerk en haar publikasies minder 'belangrik' is

In 1981 was hy assistentredakteur van *Die Kerkbode* en het gewerk vanuit 'n kantoor neffens die Parlementsgebou in Kaapstad. Met 'n onlangse besoek aan *Kerkbode* se nuwe werkruimte op Wellington vind Johannes Froneman 'n gans ander opset en benadering. En 'n omgewing om in tuis te voel.

Ek het vroeg van Kleinmond oorgery vir my afspraak met Francine Prins, redakteur van *LiG*, en Le Roux Schoeman, redakteur van *Kerkbode*. Toe gee dit my tyd om te kyk hoe lyk Wellington – veral die terrein van die ou Sendinginstituut, waar Huis Samuel nou 'n blyplek is vir mense wat na die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit kom.

My oupa het meer as 'n eeu gelede hier gestudeer om sendeling te word. Ek weet maar min daarvan en glo die boek *Naamdraers van Jesus – Wellington se Donkies* sal vir my heelwat inligting gee oor "God se donkies", soos hierdie dienaars van die Here bekend was. Vandaar ook *Donkies se Bos*, 'n klipgooi van Huis Samuel en mooi sigbaar deur die nuwe kapel se groot vensters.

Daar het die jong voor-nemende sendelinge gestil geword; nou doen besoekers aan die sentrum dieselfde. By 'n nabygeleë huis kom 'n vriendelike Derine Piek, bestuurder van die terrein, uit. Sy vertel entoesiasies wat hulle al gedoen het en beplan. Dit lyk reeds na 'n herlewing.

Langsaan, in die Gawie Hugo-gebou, gesels ek en Francine oor 'n koppie koffie. Sy werk eintlik van die huis af, in lyn met Bybel-Media se Covid-riglyne, maar kom nou en dan in om gedagtes met kollegas te wissel in 'n gedeelde werkruimte wat vir Bybel-Media se Inhoudspan ingerig is. Le Roux daag later op en gaan koop vir ons iets te ete by 'n

tuisbedryf. Ook hy het geen vaste kantoor hier in die gebou nie en werk deesdae hoofsaaklik van die huis af.

Ek vertel hulle van die kontras met 1981, toe ek as assistentredakteur van *Die Kerkbode* (ja, destyds nog met 'n *Die*) ingeval het. Ons kantore was in die Sinodale Sentrum, bo in Koningin Victoriastraat, oorkant die Tuine van die Parlementsgebou. Ds Tappies Möller, die redakteur, het 'n groot hoekkantoor gehad met 'n mooi uitsig op Tafelberg.

Jare gelede is die gebou verkoop en is nou 'n hotel (15 on Orange). Die kerk se mediabedrywighe is al 'n ruk op Wellington gesetel, maar onlangs is alles hier op die kampus van die destydse Sendinginstituut saamgetrek. Uit noodzaak, maar dit maak soveel sin.

Die kerk, die NG Kerk, het 'n meer beskeie kerk geword sonder 'n belangrike gebou in Kaapstad. Die mediabedrywighe is deur die jare op allerlei wyses gestroomlyn. Nou weer weens die impak van Covid-19.

Destyds het *Die Kerkbode* 53 keer per jaar verskyn, as daar 'n 53e Woensdag was. Totdat ek vir oom Tappies gevra het hoe ek dan verlof gaan neem.

Toe skrap ons 'n paar uitgawes en verskyn "net" 50 keer per jaar. Maar dit was natuurlik 'n tyd voor die internet en sosiale media. Trouens, ons het nog nie eens 'n faksmasjien gehad nie! Papier was nog koning.

Kerkbode kom nou slegs 16 keer per jaar in papierformaat uit, maar bereik 'n gemiddeld van 16 000 unieke gebrui-

kers per maand, wat altesaam sowat 82 000 keer per maand via www.kerkbode.co.za en die *Kerkbode*-toep op stories, briewe en opiniestukke kliek.

Waar publikasies nou uit 'n oneindige aantal foto's kan kies, het ons destyds 'n groen staalliasierkas gehad met stokou foto's. Nuwe foto's is nou en dan per pos ingestuur. In 'n noodgeval (wat dikwels ontstaan het) het ons 'n foto by *Die Burger* gebedel.

Ons moes juis daagliks na *Die Burger* ry en die dag se drie of vier bladsye aflewer om ingetik en opgemaak te word. Op Woensdae was ek by *Die Burger* om te sien dat alles pas en die proewe vir oom Tappies te bring, as hy daar was.

Tydens 1982 se Algemene Sinodesitting in Pretoria (in die nuutgeboude sinodale gebou in Visagiestraat, nou ook reeds lank gelede verkoop) moes ek en kollega Ina van der Linde luister, skryf en 'n paar foto's neem, wat eers

iewers ontwikkel en gedruk moes word. Dan moes ek blaai opmaak en afdray na die hoofposkantoor by Kerkplein. As ek die nagpos wou vang, moes ek voor 17:15 daar wees. Die kopie is dan die volgende oggend in Kaapstad by *Die Burger* afgelewer, geset en opgemaak. Geen e-pos, geen elektroniese blad-opmaak, geen slimfone waarmee foto's geneem en dadelik gestuur kon word nie.

Terug in Kaapstad het ek en 'n kollega die blaai gaan kontroleer, dit geproeflees en is die poniekoerant op *Die Burger* se rolpers gedruk. Volgende week se uitgawe het reeds gewag om gevoer te word. Gelukkig was daar daardie week nog heelwat stories oor uit die Algemene Sinode. Ander weke was nuus maar skraps.

Die verskil was nie net 'n geval van kantoorakkommodasie en werksomstandighede nie. In daardie jare was die



“Toe die politieke bestel radikaal verander het, het die kerk én sy blad 'n minder belangrike plek ingeneem. Dit was 'n stuk genade.”

NG Kerk polities belangrik. Daar was 'n verwagting dat die kerk met apartheid moet breek, wat eers later stuk vir stuk gebeur het – nadat die slag gelewer was. Wanneer *Die Kerkbode* in 'n hoofartikel iets naastenby interessant geskryf het (wat eerlikwaar selde was; oom Tappies wou net rus en vrede hê en het enige omstredenheid noukeurig vermy), het die pers prominent daaroor berig.

Die publisiteit was gegrond op die aanname dat aangesien *Die Kerkbode* die "amptelike blad" van die NG Kerk was, die hoofartikels besondere gewig gedra het. Maar die *Kerkbode* het nie namens die kerk gepraat nie. Die blad het wel amptelike berigte gedra, soos beroepe. Die redakteur se stem was maar een stem, dalk 'n prominente een, maar nie "die kerk" s'n nie.

Toe die politieke bestel radikaal verander het, het die kerk én sy blad 'n minder belangrike plek ingeneem. Dit was 'n stuk genade. Ek meen die kerk het so mooi daarby aangepas, verstel en in 'n ander ritme gekom. Ook die *Kerkbode* het onder verskeie redakteurs, insluitende Neels Jackson, aangepas.

Van hierdie nuwe kerklike "omgewing" getuig die mooi terrein van die Andrew Murray Sentrum vir Spiritua-



Huis Samuel is nou 'n blyplek vir mense wat na die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit kom.

Foto: Verskaf

liteit, ver weg van die gedruis van die stad en die gestoei om mag in die Parlement. Weg van beleggings in geboue en selfbelangrikheid.

Daarvan getuig ook *LiG*, nou 'n glans-kwartaalblad met 'n nuwe sake-model en skerp fokus op aanlyngemeenskap en lesersgetuïenisse by <https://lig.christians.co.za/> ... en steeds

'n publikasie om op trots te wees. Daarvan getuig *Kerkbode*, 'n eietydse publikasie op vele platforms. Die inhoud getuig ook van 'n ander kerk – een waarin vroue, byvoorbeeld, 'n soveel prominenter rol speel. (By die 1982-sinode is vrouediakens toegelaat, maar nog nie vroueleraars nie.) Dit ignoreer uiteraard ook nie die realiteit van

'n kerk wat op grond van verskillende Skrifbeskouings diep verdeeld is nie.

Tog is dit alles 'n omgewing waarin ek my soveel meer tuis voel.

► Prof Johannes Froneman is 'n emeritusprofessor in joernalistiek en tans buitengewone professor aan die Noordwes-Universiteit. Hy is ook kurator van 'n digitale museum, *Mediamense.com*.



Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika
(Sinode van die Wes-Kaapland)
Privaatsak X8, Bellville 7535 – 021 957 7104

SAAKGELASTIGDE

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika maak die vakature vir 'n PSD (predikant in sinodale diens) in die Diensgroep vir Ondersteuningsdienste bekend. Die Saakgelastigde (soos hierdie pos bekendstaan) se uitgebreide verantwoordelikhede kan vanaf die webwerf gelaai word: <https://www.kaapkerkadmin.co.za/poste>

OPSOMMENDE VERANTWOORDELIKHEDE:

- Doeltreffende bestuur van die NG Kerk in SA se finansies, eiendom, personeel-sake, kommunikasie en regsfunksies.
- Predikante Pensioenfonds en Amptenare Pensioenfonds.
- Finansiële pligte word op deelnemende wyse uitgevoer met die hulp van 'n bestuursspan, spesialiste uit die mark en in oorleg met die Taakspan vir Finansies en Administrasie en trustees van die onderskeie pensioenfondse.

VEREISTES:

- Bewese ervaring en insig ten opsigte van die realiteite wat die Kerk in 2021 beleef, met die roeping om in hierdie verband Skrifgetroue leiding te gee.
- Kennis van finansiële bestuur, begrotingsbestuur en -beheer.
- Bewese administratiewe en bestuursvaardighede – veral binne spanverband.
- Visionêre leierskap en goeie kommunikasievaardighede.
- Teologiese opleiding sal as aanbeveling dien.
- Beskikbaar vanaf 1 Februarie 2022.

VERGOEDINGSPAKKET: Volgens die NG Kerk in SA se skaal vir PSD's.

SLUITINGSDATUM: Maandag 18 Oktober 2021 om 12:00.

Stuur u aansoek as een PDF per e-pos aan: ngkadmin@kaapkerk.co.za

NAVRAE: Persoonlike navrae kan aan die voorsitter van die pre-advies taakspan, ds Nelis Janse van Rensburg (082 821 2730) gerig word.

Sien ook: <https://kaapkerkadmin.co.za>

LEWENDE GEMEENTE MAPUTO, MOZAMBIQUE

VACANCY: FULL TIME PASTOR

Applications closes Thursday 30th September 2021

We hereby invite interested parties, husband and wife, that would be prepared to relocate to Mozambique for a period of at least 5 years.

Our congregation is made up of South African Afrikaans speaking families, working in Mozambique.

The church is located in Matola, which is some 80 km from the Komatiport border post. Should this advert be just what OUR LORD has guided you in to accepting, I would ask that you contact our congregational leader, Ken, at pastor@vivamaputo.org and CC horacio.dasilva.mz@gmail.com for further application information.

Some history

Lewende Gemeente currently worships in a building that has been built, by previous members and pastor, on the same premises as the living quarters of the pastor.

Our diversity includes children, youth and working adults. Due to the fact that our members are mainly South Africans on contract in Mozambique, there is a constant change in members, with the odd family residing longer than the normal 2 year contract.

Our church is affiliated to the IRM (REFORMED CHURCH OF MOZAMBIQUE) that was originally founded by South Africans back in 2002, a request, by the then founders, to the IRM for the possibility of beginning a church for the Afrikaans speaking community that was and is present in Mozambique was made and accepted. Although the pastoral couple will be employed by LEWENDE GEMEENTE, all legal documentation will be in the name of the IRM.

**Die volgende Kerkbode verskyn
op 8 Oktober 2021.**

**Die sluitingsdatum vir bespreking van
advertensies, is 27 September 2021.**

Hoe klink die geloof en worsteling van die 'stiller stemme' in die NG Kerk?

Die kwessie van selfdegslagverbin-
tenisse is besig om 'n hergroepering
binne die NG Kerk te bring. Maar die
behoefte om "ruimte te maak" kom
nie uit 'n liberale teologie nie, maar
eerder uit 'n bewustheid van die foute
wat die kerk gemaak deur teen mense
te diskrimineer en hulle uit te sluit
uit die gemeenskap van die gelowiges,
skryf CHRISTO BENADÉ.

Die konflik wat ons tans in die
NG Kerk beleef, is ongelukkig
niks nuuts nie en ook nie eens
uniek aan die NG Kerk nie. Binne die
NG Kerk was daar van die begin af 'n
aantal filosofiese en teologiese strome
teenwoordig. As ons terugkyk, kan die
kerk vergelyk word met 'n rivier wat
ontstaan uit strome met verskillende
oorspronge en uniek saamvloei hier aan
die suidpunt van Afrika. Hierdie strome
kan beskryf word as gereformeerde,
evangeliese, piëtistiese, neo-Calvinis-
tiese strome asook die invloed van Karl
Barth in die middel van die 1900's.

Gereformeerde wortels

Die kerk in Suid-Afrika ontstaan as 'n
kerkplanting (1652) met 'n sterk protes-
tants-Calvinistiese teologie uit die Swit-
serse/Franse/Hollandse geleedere. Binne
hierdie tradisie bly die vyf solas wat as
'n geheel gelees word, belangrik. Die
vroeë predikante se fokus was op die
bediening van die Hollanders aan die
Kaap (sterk onder die invloed van die
Sinode van Dordrecht) met 'n beperkte
sendingvisie. Die teologie is gekenmerk
deur 'n sterk intellektuele fokus met 'n
verwaarlosing van emosie. Die Hollan-
ders se geleedere word later aangevul
deur die Franse Hugenote wat gou geas-
simileer het met die Hollanders en die
kerk verryk het met hulle unieke spiri-
tualiteit.

Evangeliese, puriteinse en piëtistiese invloede

Die behoefte aan 'n onafhanklike kerk
lei tot die stigting van 'n onafhanklike
NG Kerk aan die Kaap (vroeë
1800's). Predikante word
gesoek en 'n aantal
Skots-Presbiteriaanse
predikante word ge-
werf om die kerk te
bedien. Saam met
die Skotte en ook
van die Hollan-
ders kom evange-
liese, puriteinse en
piëtistiese invloede.
Hierdie invloede vind
hulle wortels in die na-
dere reformatie in die
16de en 17de eeu. Dit bring 'n
klem op 'beking', ervaring, persoon-
like heiligheid (dualisme), biblisme en
ook aktivisme na die NG Kerk. Die
evangeliese invloede bring 'n korreksie
aan binne die nasionalistiese karakter
van die gereformeerde tradisie en
stimuleer die sendingbedryf binne die
NG Kerk wat lei tot verskeie sendingak-
sies in Suidelike Afrika. Die evangeliese,
puriteinse en piëtistiese invloede word
goed ontvang as 'n reaksie teen 'n soms
droë gereformeerde spiritualiteit. Die
onderskeie herlewings in Amerika,
Brittanje en Europa lei daartoe dat sen-
dinggenootskappe in Suidelike Afrika
kom werk en hier genootskappe stig.
Die evangeliese dryfkrag van hierdie
genootskappe steek sendingvure binne
die kerk aan. In die middel van die 18de
eeu blyk die evangeliese/piëtistiese/pu-
riteinse invloed die sterkste in die NG
Kerk te wees. Pinksterdienste in die NG
Kerk ontstaan in hierdie tyd. Die Mur-
raybroers se invloed is deurslaggewend.
Die Murraybroers behou 'n gerefor-
meerde kofessionele teologie met 'n

piëtistiese spiritualiteit en 'n sterk evan-
geliese dryfveer.

Liberaler invloed

Die derde stroom in die
19de eeu was liberaal
en vloei uit die ver-
ligtingsdenke in
Europa. Liberale
teologie word
gekennmerk
deur: geen on-
derskeid tus-
sen die natuur-
like en die
bo-natuurlike
wêreld; die mens
het nie 'n eksterne
openbaring nodig nie
omdat die godheid in hom
te vind is; 'n god word in alle gods-
dienste gevind. Wat slegs in die Bybelse,
Christelike geloof gevind word, is: die
totale verdorwenheid van die mens en
die bestaan van die bese; Jesus is die
Seun van God; gebore uit 'n maagd; het
uit die dood uit opgestaan; het wonder-
werke verrig wat nie blote mites is nie.
Weens die dominante posisie van die
evangeliese teologie in die laat 19de eeu
word die liberale teologie tydelik gro-
tendeels onderdruk.

Neo-Calvinisme

Die vroeë 20ste eeu bring 'n nuwe teolo-
giese stroom, die neo-Calvinisme. Die
neo-Calvinisme en die invloed van
Abraham Kuyper sou die NG Kerk vir
die volgende 80 jaar sterk beïnvloed.
Neo-Calvinisme in Europa was 'n teen-
reaksie teen die liberalisme van die ver-
ligting, maar vind in Suid-Afrika sterk
aanklank as die teologiese onderbou
van die Afrikaner-nasionalisme. Die
neo-Calvinisme bied ook vir die Afri-
kaners sekerhede in baie moeilike tye
(oorloë en depressiejare) wat die libe-
rale teologie nie vir hulle kon gee nie.
NG Kerk-teoloë en ander intellektueles
studeer aan Hollandse universiteite
waar die neo-Calvinisme nie net 'n teolo-
gie was nie maar ook 'n wêreldbe-
skouing. Die teologiese konserwatisme
en teologiese begroning wat die neo-
Calvinisme aan die Afrikaner-nasiona-
lisme gee, maak dat die teologiese
stroom sterk wortelskiet. Die domi-
nante posisie van die neo-Calviniste
kan gesien word in die Du Plessis-saak.

Du Plessis het 'n evangeliese en sen-
dinghart gehad en 'n liefde vir Andrew
Murray, maar was as akademikus 'n
ondersteuner van die histories-kritiese
metode van eksegesi. Hy word hieroor
as liberaal gesien en as 'n dwaalleraar
deur die neo-Calviniste aangekla en
verbied om klas te gee.

Dit was 'n groot oorwinning vir die
neo-Calviniste teen die evangelies-
piëtistiese teologie en het hulle as die
dominante teologiese stroom gevestig.
Die neo-Calvinisme soos in Suid-Afrika
beoef, was 'n karikatuur van die
oorspronklike neo-Calvinistiese ideale
van Kuyper en hy is nie alleen verant-
woordelik nie.

Die neo-Calvinisme het die volgende
kenmerke: klem op die soewereiniteit
van God; klem op die ortodoksie (met
ander woorde neo-Calvinisme) teenoor
dwaling van ander; die onfeilbaarheid
van die Bybel; letterlike en selfs funda-
mentalistiese Bybelinterpretasie; die
ware eenheid in die kerk word gevind in
'n gedeelde belydenis en nie in sigbare
kerkstrukture nie; God openbaar Hom
deur sy Woord en skepping ('n natuur-
like teologie', dus sou die natuurlike ver-
skille tussen rasse normatief kan wees),
onvoorwaardelike uitverkiesingsleer
(dubbele predestinasie); sterk intellek-
tuele spiritualiteit.

Karl Barth

Karl Barth se invloed word vanaf die
tweede helfte van die 20ste eeu gesien.
Sy invloed op prominente anti-apar-
theidsteoloë is belangrik. Sy trinitariese
teologie en invloed op die verstaan van
die *missio Dei* bied 'n alternatief vir die
neo-Calvinisme sowel as die liberale
teologie. Hy was een van die eerste teoloë
wat sending as integraal met God se
wese gesien het. 'n Interessante nota is
dat die anti-apartheidsteoloë nie uit die
liberale teologie gekom het nie, maar
eerder uit 'n evangeliese stroom met
sendingharte wat blootgestel is aan die
lyding van die swart gemeenskap en
daarop gereageer het.

Barth se teologie word gekenmerk
deur: 'n fokus op God se selfopenbaring
in en deur Jesus Christus; God is die
gans andere en slegs Christus oorbrug
die gaping tussen God en mens; 'n ver-
werping van natuurlike teologie; 'n
nouve verband tussen goddelike regver-
diging en menslike geregtigheid; die

“Na 1994 bevind die kerk hom in 'n
teologiese vakuum. Dit word 'n tyd van
aftakeling van die apartheidsteologie.”

kerk is nie onsigbaar nie, maar moet sigbaar wees in haar eenheid; die evangelie het politieke implikasies, veral vir dié wat onderdruk word; sending is nie bloot 'n aktiwiteit van die kerk nie, maar vloei uit die wese van God (die *missio Dei*); die Woord van God staan sentraal in ons denke oor God.

Barth het 'n driedelike beskouing van die Woord van God: 1) die ewige *Logos* – Jesus Christus; 2) die Bybelse getuienis oor die primêre Woord; 3) die Woord van God as verkondiging.

Na ongeveer 1986 begin die swaai weg van die neo-Calvinisme en die ondersteuning van apartheid. Die invloed van Barth se teologie kan sterk hierin gesien word. Die reaksie teen die neo-Calvinisme en die oopstel van die kerk lei tot die afstigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk toe 'n groep lidmate en predikante nie hulle weg oopsien om saam met die kerk te skuif nie.

1994 – Teologiese vakuum

Na 1994 bevind die kerk hom in 'n teologiese vakuum. Dit word 'n tyd van aftakeling van die apartheidsteologie, die kortstondige opkoms van die Nuwe Hervormingsbeweging, die sukkelende strewe na kerkhereniging en 'n worsteling met die hantering van selfdegeslag-verhoudings (SGV).

Die kerk betaal 'n duur prys in vertroue vir sy ondersteuning van apartheid. Tog slaag die NG Kerk daarin om met broosheid en skuldbydenis die einde van apartheid te oorleef. Die kerk word egter die enigste samelewing-struktuur waar ontnugterde Afrikaners vastigheid kan vind. Vir baie word die kerk die laaste bastion van selfbeskikking en bekendheid. In baie gemeentes leef daar steeds sterk weerstand teen verandering omdat dit al bekende

omgewing is wat die Afrikaner nog het. Afrikaner-gemeenskapsleiers word gerangeer tot die rand van die samelewing en die kerkraad. Baie gemeentes en kerkrade kry dit reg om die onsekerheid binne te gaan en hulle gemeenskappe te begin dien, maar vir die meeste bly Sondagoggend die enigste veilige plek vir “ons” mense.

Binne die geestelike vakuum steek die liberale teologie kop uit in die vorm van die Nuwe Hervormingsbeweging. Die beweging propageer 'n liberale en modernistiese teologie wat sterk herinner aan die liberale beweging aan die einde van die 19de eeu. Daar is nie baie ondersteuning vir die beweging binne die kerk nie en die beweging word 'n los vereniging van mense wat hierdie teologie deel. Enkele predikante en teoloë ondersteun die liberale teologie in boeke, uitsprake en artikels en veroorsaak spanning deur byvoorbeeld Christus se maagdelike geboorte of opstanding te ontken. Min van hulle is egter gemeentepredikante.

Die kerk se poging om kerkhereniging met die VGK te bereik, het energiek begin maar word telkemale in die wiele gery deur die vrees vir verlies aan selfbeskikking, teologiese weerstand teen byvoorbeeld die Belydenis van Belhar (uit neo-Calvinistiese kringe), persoonlike verskille tussen kerkleiers, die komplekse interne dinamika binne die onderskeie kerke, asook ekklesiologiese verskille. Daar is wel oomblikke en plekke van hoop soos eenheidsbediening in gemeentes en ringe.

Ongewone vriende

Die worsteling met hantering van SGV bring 'n hergroepering binne die kerk. Dit is my oortuiging dat die behoefte om ruimte te maak vir mense in SGV

nie kom uit 'n liberale teologie nie, maar eerder uit 'n diepe bewustheid van die foute wat die kerk gemaak het deur teen mense te diskrimineer en hulle uit te sluit uit die gemeenskap van die gelowiges. Die poging om ruimte te maak vir SGV bring egter twee ongewone teologiese strome saam. Gelowiges uit die piëtisme en die neo-Calvinisme vind 'n gedeelde gevaar in die beleid oor SGV. Alhoewel daar groot verskille tussen die twee groepe is, het albei 'n letterlike lees van die Bybel wat dit vir hulle haas onmoontlik maak om ruimte te maak vir SGV.

Binne die beweging wat hom beywer vir die omkering van die SGV-besluit, is gemeentes met 'n sterk behoefte aan die aanvaarding van die bekeringsdoop wat selfs charismatiese trekke vertoon. Binne dieselfde groep is ook stoere neo-Calviniste. Die probleem is dat dié groep die voorstanders van die SGV

beskou as liberaliste. In hulle kritiek op die Algemene Sinode en leiers word tipiese besware teen die liberale teologie saam met die beswaar oor SGV geplaas.

Die situasie is egter baie meer kompleks. Behalwe vir die neo-Calviniste en die piëtiste wat saamspan teen die res, is daar ook 'n kleiner liberale groep, maar dit is verseker nie die res van die kerk nie. Daar bestaan 'n sterk (alhoewel stil) middelgrond wat ek glo die kerk kan vorentoe neem.

Die middelgrond

Dit is moeilik om aan hulle 'n naam te gee, maar dit is 'n groep met gereformeerde teologiese en evangeliese oortuigings. Dit is gelowiges wat die Here Jesus bely as hulle verlosser en hoop, die Bybel lees as die Woord van God en in afhanklikheid van die Vader leef en streef om gehoorsaam aan die Gees te wees. Hierdie groep aanvaar dat die Bybel nie vir ons alles oor alles sê nie. Hulle lees die Bybel as God se openbaring, geskryf deur mense, in kontekste wat baie verskil van dié waarin ons leef. Hulle leef saam met die onsekerheid wat ons het oor etiese sake van ons tyd en wat kan ruimte maak vir Christene wat SGV wil akkommodeer, al is hulle self nie gemaklik daarmee nie.

Ek sal graag meer van hierdie groep wil hoor—van hulle geloof, van hulle worsteling en hoe hulle God ervaar in hierdie tyd. Ek sal ook wil hoor wat hulle beskou as die grootste nood waaraan die kerk moet aandag gee en waar die kerk 'n verskil kan maak. Die toekoms vir ons kerk lê nie in die ekstreme nie maar in die middel, by belydende gelowiges wat die koninkryk wil bou.

► Dr Christo Benadé is 'n leraar by NG Gemeente Suiderstrand en voorsitter van die Ring van Somerset-Wes.

“Die kerk betaal 'n duur prys in vertroue vir sy ondersteuning van apartheid.”

2022-Jaarboek

Bevat die sinodale, rings-, gemeente- en predikante-inligting van die NG Kerk, NG Kerk in Afrika, Reformed Church in Africa en familiekerke in die buiteland.

Jaarboek van die NG Kerke 2022 verskaf al langer as 160 jaar belangrike inligting oor die NG Kerkfamilie aan predikante, kerkkantore en lidmate. Bybel-Media, uitgewer van die *Jaarboek van die NG Kerke*, wil ook met hierdie publikasie gestalte gee aan sy leuse: *Vennoot in geloof en bediening*.

1-3 BOEKE @ R385 elk

4+ BOEKE @ R365 elk

CD @ R295 elk
LW: Die CD kan NIE opgedateer of gekopieer word nie.

BOEK EN CD @ R455 per stel



Beskikbaar: 6 Desember 2021



Direkte bestellings: bestel@bmedia.co.za
Deelproepe: 0860 26 33 42
E-aankope: www.bybelmedia.org.za

NG KERK MARQUARD

VAKATURE: VASTETERMYNPOS

Hiermee maak die kerkraad 'n vakature met 'n vastetermynpos van drie jaar met wederydse instemming tot verlenging in die NG Kerk Marquard bekend. En wag die gemeentes die aansoeke van gelegitimeerde leraars af.

Ons is 'n plattelandse gemeente wat bestaan uit gewone mense wat ten spyte van ons swakhede, die Here Jesus lief het en dien. Ons onderlinge verbondenheid aan mekaar maar veral ons verbondenheid aan Christus is vir ons nie onderhandelbaar nie. In die gemeente is ruimte vir lidmate om die Here met hulle gawes te dien. Ons onderlinge liefde vir mekaar kom tot uitdrukking in ons verhoudinge met mekaar.

Hiermee vra ons 'n gelegitimeerde leraar:

- Wat die Here Jesus heelhartig dien en met gemak met die gemeente kan omgaan.
- Wat hom of haar saam met die gemeente sal verlustig in die eenvoud, diepte en die lewens omvattende boodskap van God se genade en liefde.
- Wat vir mense omgee.

Om hom of haar beskikbaar te stel vir beroeping.

Ons maak hierdie vakature in afhanklikheid van die Here bekend. Ons gebed is dat God sy doel met ons saam sal bereik.


Ons kerkraad behou ook die reg voor om nie 'n aanstelling te doen nie.

Aansoeke sluit: Vrydag 15 Oktober 2021.

E-pos CV's na: ngkerkmarquard@telkomsa.net

Vir meer besonderhede oor die gemeente en die formaat van die aansoek, kontak:

- Thinus Greyling (Leierouderling), sel: 083 272 8629.
- Daleen Henning (Skriba), sel: 083 441 7214.



Swanepoel bied eerlike vertelling uit 'n tyd van vele eerstes vir die NG Kerk

Die eerste tree: Die NG Kerk en versoening, 1994-1998 deur Freek Swanepoel

Uitgewer: Cordis Trust Publikasies, 2021

Resensent: Hendry Tromp

“In 1990 was dit tyd vir bely, soos deur Willie Jonker en die Dagbestuur by Rustenburg. Vanaf 1994 was dit weer tyd om te sê: ‘Ons is jammer.’ Daar is ’n tyd vir profete en daar is ’n tyd vir priesters.”

So beskryf ds Freek Swanepoel die gebeure tydens en na die opspraakwekkende Algemene Sinode (AS) van 1994 in sy nuwe boek, *Die eerste tree: Die NG Kerk en versoening, 1994-1998*. Swanepoel is tydens hierdie sinodesitting (ook

gedoop “die sinode van versoening”) verkies tot moderator van die NG Kerk se AS.

Met baie deernis word die lesers ingenooi om te sien hoe gewilde koerantopskrifte agter die skerms uitgespeel het. Dit sluit onder andere in die besoeke aan pres Nelson Mandela, die ontmoeting met oudpresident PW Botha en die gebeure rondom Swanepoel se verskyning voor die Waarheid-en-Versoeningkommissie.

By hierdie sinodesitting was daar baie eerstes. Dit was die eerste Algemene Sinode wat deur vroue as afgevaardigdes bygewoon is. Die voorneme tot kerkeenheid is herbevestig met onder andere die opstel van ’n gesamentlike kerkorde. Die AS het met

spyt erken dat daar in die verlede dikwels van kerklike kant af op ’n onbarmhartige wyse opgetree is teenoor persone wat ’n “duidelike profetiese stem laat hoor het teen apartheid”, soos prof Ben Marais, dr Beyers Naudé en andere.

Hierdie boek is meer as net ’n persoonlike vertelling van Swanepoel se ervaring as moderator van die Algemene Sinode. Hy skryf liefdevol oor sy familie en eerlik oor die geweldige veranderinge wat in daardie tyd plaasgevind het, asook hoe dit die NG Kerk, haar leraars en lidmate uitgedaag het om die moeilike en dikwels onbekende situasies met geduld en versoening te hanteer. In sowat 14 hoofstukke vertel Swanepoel hoe die NG Kerk amptelik

haar eerste tree gegee het op die pad van versoening. Wat veral treffend is, is hoe hy en andere uitdrukking gegee het aan die versoeningsbesluite van 1994 se AS. Daarom is die hoofstuk wat aan prof Johan Heyns gewy word, besonder.

Hierdie boek benader moeilike onderwerpe in storienvorm, met ligter oomblikke ingesluit. Die woorde van ds Freek Swanepoel aan die pers rondom die WVK se gebeure is steeds tydig: “die kerk wat apartheid skriftuurlik begrond het, kan nie nou swyg nie, maar [sal] sy erns vir versoening moet wys.”

► Ds Hendry Tromp is predikant van die VG Kerk Gelvandale in Gqeberha.

● Die boek is aanlyn beskikbaar by <https://shop.clf.co.za>

Ligland-reeks gee broodnodige insig, woorde en vaardighede

Sofia en die grot deur Siegfried Louw

Uitgewer: Bybel-Media, 2021

Resensent: Rethie van Niekerk

Wanneer jy ’n boekeblad soos *Kerkbode* s’n hanteer, probeer ’n mens om ’n wye spektrum van verskillende soorte publikasies te lees, om die diversiteit van ons lesers te dien. Siegfried Louw se Ligland-reeks is egter só belangrik, dat dit gemaklik nog ’n kykie verdien!

Kerkbode het reeds vertel van *Die klip in Lisa se borskas*, wat die onderwerp van verlies en dood vir kinders toeganklik maak. In Mei-maand het ons vertel van *Ben en die drakie*, wat kinders help met die hantering van angstigheid. Daar het ons ook verwys na *Kolle en die gif*, waar dieselfde karakters kinders begelei en bemagtig rondom vrees en boelies.

In die volgende uitgawe van hierdie onmisbare reeks, *Sofia en die grot*, ontmoet ons vir Sofia. Sofia is ’n uil wat met liefde kyk en raaksien wat

ander nie kan sien nie. Sy sien hoe mense wegkruip wanneer hulle nie lekker voel nie – en dan soms moeilik weer uit hulle wegkruipplek uitkom. Sofia sien wegkruipplekke – “grotte” – van toestelle, harde werk, bottels en TV’s.

Met haar wysheid help Sofia vir Gawie – en haar lesers – om hulle grotte raak te sien en te verstaan. En Gawie besef sommer self hoe ’n mens uit jou grot kan uitkom.

Weereens verleen Louw se teoretiese onderbou, saam met sy diep deernis vir sy lesers, gravitas aan die oënskynlik ligte, vriendelike kinderstorie. Ligland gee insig, woorde en vaardighede wat kinders en volwassenes broodnodig het.

Die hele reeks (beskikbaar in Afrikaans, Engels, Sesotho en isiXhosa), saam met inkleurprente, patrone, video’s, ensovoorts is beskikbaar by bybelmedia.org.za

► Ds Rethie van Niekerk is predikant by Blouwaterbaai Famaliekkerk in Gqeberha.

Tutu se lewensverhaal wys skakel tussen spiritualiteit en geregtigheid

Desmond Tutu: A spiritual biography of South Africa's confessor deur Michael Battle

Uitgewer: Naledi, 2021

Resensent: Lisel Joubert

Suid-Afrikaanse uitgawe vanaf 7 September beskikbaar in boekwinkels.

Michael Battle herinner ons in hierdie merkwaardige biografie dat ons “doen” en “wees” alles met mekaar te doen het.

Hy kies om vanuit die lens van spiritualiteit Desmond Tutu se lewe te beskryf. Battle is ’n jarelange vriend van Tutu. As sulks is hy diep onder die indruk van die rol wat Tutu se aanbiddingslewe gespeel het om die mens te vorm – die mens wat, te midde van Apartheid Suid-Afrika, opgestaan het vir geregtigheid, versoening aangemoedig het en steeds op die wêreldterrein optree ter wille van vrede en geregtigheid.

Battle kies dan juis die klassieke indeling van die mistieke lewe, naamlik *purgatio*, *illuminatio* en *unificatio* om Tutu se lewe te karteer. Die boek is ge-

vul met teologiese terminologie rondom heiligheid, hagiografie, mistiek, vergifnis, gebed en belydenis. Die oortuiging is dat Tutu se aktiewe werk vir geregtigheid gegrondves is in sy daaglikse gebede en meditatiewe lees van die Skrif, asook sy deel wees van ’n geloofsgemeenskap.

Battle gebruik ook die beeld van ’n alternatiewe hagiografie. Hagiografie het te make met die kriteria vir heiligheid. In Apartheid Suid-Afrika het baie Afrikaners hulleself beskou as uitgesonder en eenkant geplaas deur God (heilig). Tutu se lewe daarteenoor het gesprek van ’n oortuiging dat almal heilig is en saam op pad is.

Alhoewel Battle dus klassieke spiritualiteitsterminologie gebruik, dekonstrueer hy dit vanuit ’n Ubuntu verstaan, om te wys dat spiritualiteit te make het met gemeenskap en nie bloot met die individu nie.

Hierdie is ’n belangrike boek om die leser en ’n nuwe geslag te herinner aan die verband tussen spiritualiteit en geregtigheid.

► Dr Lisel Joubert doseer *Kerkgeskiedenis aan die Universiteit Stellenbosch*.

VERSTAAN die Bybel

Ongelykheid, kommunikasie en geweld

FANIE CRONJÉ

(Lees gerus Genesis 4)

Gedurende Augustus, Vrouemaand, het ons andermaal pynlik bewus geword van die kwesie van huishoudelike geweld oor die algemeen, maar in die besonder geweld teen vroue.

Die algemene en wydverspreide voorkoms hiervan vul 'n mens onder meer met ongeloof, afgryse en gevoelens van onreg, woede, magteloosheid en wil-wil jou soms selfs sprakeloos laat. Om egter niks te sê nie, kan ook as 'n vorm van geweld gesien word.

Genesis 4 is die eerste berig van geweld in die Bybel. Deur dié hoofstuk direk na die skepping- en tuinverhaal te plaas (Gen 2 – 3), wil die samestellers van die Tora (Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri, Deuteronomium) vir ons sê dat geweld van die begin af onlosmaaklik met menswees in verband

staan. Die ontstellende is dat die oorsprong van geweld in die intieme ruimte van die huis lê. Hiervan kan te veel vroue en kinders vandag nog getuig.

Op grond van Genesis 4:5 blyk dit dat geweld uit Kain se onvermoë om met die ongelykheid van die lewe in die reine te kom spruit. Hy maak sy broer dood oor die ongelykheid in die lewe. Die feit dat God Abel se offer aanvaar, maar nie Kain s'n nie, het niks met aanvaarding of verwerping te doen nie. Dit het met die ongelykheid van die lewe te doen. Daar is geen aanduiding in die teks dat God Kain verwerp nie. Om die waarheid te sê, God soek Kain op, God praat met Kain en Kain bekla sy lot by God. Meer nog, God slaan ag op Kain se lot. Die ongelykheid in die lewe het nie met aanvaarding of verwerping te doen nie.

In vers 7 hoor ons die eerste maal die woord "sonde" in die Bybel. Die woord "sonde" kom immers nie in die tuinver-

haal voor nie. Moet ons iets in hierdie feit inlees? Kan dit wees dat "oersonde" dalk is om aan geweld vrye teuels te gee?

Vers 8 is 'n vreemde teks. Daar staan letterlik "En hy het gesê, Kain aan Abel, sy broer en dit was gewees in hulle wees in die veld en hy het opgestaan, Kain teen Abel, sy broer en hy het hom vermoor." Talle Bybelvertalings voeg 'n frase na "En hy het gesê, Kain aan Abel, sy broer" in wat lui "laat ons veld toe gaan", waarop die res van vers 8 wat ons ken, volg. Dié frase staan egter nie in die gebruikte Hebreeuse teks nie. Dié invoeging deur talle vertalings is bedoel om die stomp opmerking in die Hebreeuse teks aan te vul.

Die Hebreeuse teks meld egter glad nie wat Kain aan Abel gesê het nie. Dalk moet ons dit eerder net so onaf los en liefs nie uit ander tekstradisies aanvul nie. Dalk het die skrywer dit doelbewus so onafgehandel gelos. Moontlik moet

ons dit vertolk as dat Kain, nadat hy gekonfronteer is met die ongelykheid van die lewe, met sy broer probeer praat het, maar dit nie kon regkry nie. Kommunikasie tussen die broers breek af.

Indien ons vers 8 nie uit ander tradisies aanvul nie, maar net so onaf los, lyk dit of die eerste moord met die ongelykheid van die lewe te doen het, maar ook met die onvermoë om te kommunikeer. Waar die vermoë om te kommunikeer ontbreek, of waar kommunikasie afbreek, daar volg geweld. In ons mees intieme verhoudings, in ons kerk en in ons gemeenskap, moet ons ongelykheid vierkantig in die oë kyk, terwyl ons hieroor met mekaar bly praat. In Suid-Afrika kan ons nie langer wag nie, ons moet alle vorme van geweld besweer. Ons durf nie dat kommunikasie onderling ontbreek of afbreek nie.

► Dr Fanie Cronjé is medeleraar by NG Kerk Lynnwood in Pretoria.

TERUG NA DIE TOEKOMS

JOHAN VAN DER MERWE

Daar is nie een vierkante sentimeter van Suid-Afrika wat nie deel van 'n NG gemeente is nie. Net so is die hele land in ringe en streeksinodes verdeel. Vir 'n groot deel van die NG Kerk se geskiedenis was die grense van gemeentes, ringe en sinodes vas. Lidmate moes gewoon inskakel by die gemeente binne wie se grense hulle gewoon het. Dit het egter wat gemeentes aan betref in 1994 radikaal verander.

In die verslag van die Kommissie vir Gemeentebediening wat voor die Algemene Sinode van 1994 gedien het, is die historiese herkoms van vaste grense beskryf voordat aangedui is dat verskil-

lende gemeentes verskillende profiele het. Hierdie gemeenteprofiele word onder meer deur identiteite soos geografie, demografie, geloof, geskiedenis, spiritualiteit en kultuur bepaal. "Gemeentes is daarom soos mense nie stokke in blokke nie." Die verslag het verder gemeld dat daar ten spyte van voordele van vaste gemeentegrense ook besliste nadele was. Op grond van bogenoemde het die vergadering die volgende waterskeidende besluit geneem: "Die Sinode erken dat daar bona fide redes kan wees waarom lidmate verkies om by 'n ander gemeente as die geografiese gemeente in te skakel en bepaal dat sulke uitsonderingsmaatreëls op 'n ordelike wyse moet

Rings- en sinodale grense: Is dit tyd dat NG Kerk hierdie kleed afgooi?

geskied." Hierdie besluit het gemeentegrense in beginsel oopgemaak. Lidmate kon nou kies by watter gemeente hulle wou inskakel. Alhoewel die besluit spesifiek na gemeentes verwys het, het hierdie inskakeling dikwels oor rings- en sinodale grense heen geskied.

In die huidige debat oor kerkverband moet hierdie besluit deeglik verreken word. In beginsel is die grense wat lidmate betref reeds oop. As die beginsel in die NG Kerk oop grense is, behoort dit ook vir gemeentes ten opsigte van ringe en vir ringe ten opsigte van sinodes te geld. Alhoewel daar bepaalde voordele is om gemeentes in dieselfde geografiese gebied in ringe en ringe in

dieselfde geografiese gebied in sinodes saam te groepeer, behoort dit nie die alfa en die omega te wees nie. Tegnologie het afstand laat krimp. Eenheid in die kerk sal nie verder met grense en afstand afgedwing kan word nie.

Die gesprek in die kerk beteken dat dit nou tyd is om buite die boks te dink en om rings- en sinodale grense ook oop te maak sodat gemeentes by ringe en sinodes kan inskakel waar hulle 'n teologiese tuiste vind. Miskien is dit tyd om die parogiale kleed in die NG Kerk vir eens en vir altyd af te gooi.

► Prof Johan van der Merwe doseer kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.

In pas met die lewende God

LOURENS BOSMAN

Dis asof die stroom slegte nuus net nie ophou nie. Sodra die een korrupsiestorie vervaag, verskyn 'n volgende. Die rooi ligte oor klimaatsverandering brand al helderder. Die misdaadstatistiek lyk elke jaar slegter. Dit is genoeg om enige positiewe mens mismoedig te maak.

Daar is egter ook 'n ander perspektief. Die feit dat hierdie dinge slegte nuus bly, beteken dat ons tog iets beters verwag. In ons leef die verlange dat die wêreld 'n beter plek sal wees. Die slegte nuus bly abnormaal. Wanneer die korrupsie en leuens, die geweld of die ver-

nietiging van die aarde vir ons normaal word, dan het ons probleme.

Jesus preek en tree op in 'n wêreld waar dit normaal was vir leiers om te vat wat hulle kan, om te lieg en te bedrieg. Die mag van die leiers gee aan hulle die reg om uit te buit. Jesus leer ons egter van leierskap wat gaan oor diens. Oor die eeue het dit die "nuwe normaal" geword dat leiers die volk moet dien. Dit was egter nie altyd so nie.

Die goeie in die slegte nuus is dat ons nog steeds van ons leiers verwag om te dien en met integriteit op te tree. Dit is goed dat korrupte hooggeplaastes nog steeds voorbladnuus is.

Die goeie in die slegte nuus

Jesus leer ons dat geweld, veral teenoor vroue en kinders, afstootlik is. Dit was egter nie vanselfsprekend nie. In die wêreld waarin Jesus leef, het mans al die mag gehad, vroue en kinders was besittings. Dit is eers waar God se wil begin geskied dat vroue en kinders hoog geag word.

Dit is goed dat ons geskok is en wondend word oor geweld teen vroue en kinders. Dit beteken dat dit nie vir ons normaal is nie.

Die Bybel leer dat mense rentmeesters van die skepping is. Die aarde behoort aan die Here, nie aan mense nie. Ons is net aangestel om dit goed te

bestuur. Dit is nie mense se reg om met die aarde te maak soos hulle lus het nie.

Dit is goed dat ons nog kwaad word as mense argeloos die aarde verwoes en besoedel. Wanneer Jesus ons leer om te bid, leer Hy ons om te begin met die bedes dat God se Naam geheilig sal word, dat sy koninkryk sal kom en dat sy wil op aarde sal geskied. Hy rig ons oë op 'n wêreld wat lyk soos God dit wil hê. As jy ontsteld en kwaad word as dinge nie so is nie, is dit goed. Dit beteken jy kyk met God se oë na die wêreld.

► Dr Lourens Bosman is die algemene bestuurder in die kantoor van die Algemene Sinode.

NG GEMEENTE VILLIERS – OVS**Vakature: DRIE JAAR VASTETERMYN****GEMEENTEPROFIEL:**

- Die NG Gemeente Villiers is 'n plattelandse gemeente in die Noordoos-Vrystaat
- Die gemeente bestaan uit 200 lidmate, waarvan 28 dooplidmate is.
- Die gemeente werk goed saam met die NGKA in Qalabotjha.
- Die erediens vorm die hart van die gemeente se aktiwiteite .
- Die gemeentevisie is: *God alles vir almal.*

LERAARSPROFIEL EN AMPSPLIGTE:

Sien uitgebreide advertensie in *KERKNUUS* en *VRYPOS*.

VERGOEDINGSPAKKET:

- Die vergoedingspakket sal onderhandel word.
- Kandidate moet beskikbaar wees vir onderhoude en preekbeurte.

AANSOEKE:

- Stuur volledige CV's per e-pos met minstens drie onlangse verwysings na: ngkvilliers@gmail.com
- Vir meer inligting skakel Org du Plessis (082 784 0167), Philip Cronjé (083 388 0330) en konsulent, ds JT Kemp (072 425 8537).
- Aansoeke sluit op **15 Oktober 2021**.

DUTCH REFORMED CHURCH OF ZAMBIA

Die kerkraad van die Dutch Reformed Church of Zambia wag in afhanklikheid aansoeke in vir die onderstaande pos.

VAKATURE: MEDELERAARSPOS

Gemeenteprofiel: Die Dutch Reformed Church of Zambia is 'n multi-kulturele gemeente wat die suide van Zambië bedien. Eredienste vind in Afrikaans en Engels plaas by verskeie bedieningspunte wat sowat 600 km van mekaar is. Dit is 'n unieke gemeente wat graag in 'n konteks wat baie verander die koninkryk van God sigbaar wil maak.

Leraarsprofiel:

In aansluiting by die ampspligte soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde, sal dit voordelig wees as die leraar:

- 'n Passie het vir God, die koninkryk en mense
- Visionerend en kreatief kan dink
- Verhoudings as belangrik ag
- Gemaklik is in 'n unieke konteks wat gedurig verander
- Gemaklik is om te bedien in Afrikaans en Engels
- Gemaklik is om in 'n multi-denominale gemeente te bedien
- Gemaklik is om afstande te reis tussen bedieningspunte

Studente wat aan die einde van 2021 beroepbaar sal wees is ook welkom om aansoek te doen.

Vergoeding en voordele:

- Volgens sinodale skaal
- Behuising in die gemeubileerde pastorie in Lusaka
- 'n Voertuig vir bedieningsdoeleindes
- Die aanstelling sal onderhewig wees aan die goedkeuring van 'n werksperrit.

Aansoek:

- Stuur 'n volledige CV met drie referente en 'n dekbrief aan: werner.nel@drcz.org.zm
- Skryf ook in minder as 500 woorde waarom u voel die Here u na die gemeente roep.
- Die volledige aansoek moet asb in Engels wees.

Dienstermyn: Vier jaar-termynpos met moontlikheid om te verleng.

Sluitingsdatum: 26 September 2021 om 13:00.

Diensaanvaarding: 1 November 2021 of so spoedig moontlik daarna, maar nie later as 1 Februarie 2022.

Navrae:

- Ds Werner Nel: +260 96 070 6030 (WhatsApp) of werner.nel@drcz.org.zm
- Ouderling Dawid Koen: +260 96 928 6646 (WhatsApp)

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

Belangrike inligting:

Aanzoekers behoort seker te maak wat die situasie in Zambië is met betrekking tot sekuele oriëntasie, selfdegeslagverhoudings en -verbintnisse. Indien daar enige navrae is, kan die aktuaris van die Noordelike Sinode, ds Attie Nel (+2782 418 5054), daarvoor gekontak word, ten einde aanzoekers se privaatheid te beskerm en enige moontlike vooroordeel te voorkom. Enige gesprek met die aktuaris staan los van die beroepsproses en inligting van so 'n gesprek sal nie met die pre-advies of enige ander persoon betrokke by die gemeente gedeel word nie.

AMPTELIKE NUUS UIT DIE NG KERK-FAMILIE**Stuur Amptelike Nuus na Lida Viljoen by lida@tydskrifte.co.za**

2021 hulle jaarlikse ringsitting gehou by die NG gem Ysterplaat. (Scherlize van der Merwe, Ringskriba, 02.09.2021).

NG KERK

AANVAAR: Ds Egbert Steyn van Paterson na Goodwoodpark; prop Adelle Swanepoel na Rant-en-Dal Prisma.

WES-KAAPLAND**BEVESTIGING**

Ds AJ Small, voorheen van Ballito Gesinskerk – NG gemeente Noordkus, is op 5 Sep 2021 deur ds SD van Dyk bevestig in die NG gemeente Parow-Panorama. (M Botha, Skriba, 06.09.2021).

EMERITAAT

Ds Jacobus Adriaan Swarts het op 31 Aug 2021 geëmeriteer vanuit die NG gemeente Bellville-Vallei. (Ds Wouter Olivier, Skriba, 24.08.2021).

Ds Schalk Willem Kotzé van die NGK Paarlberg lewer op 19 Sep 2021 sy afskeidspraak waartydens hy ook sy emeritaat sal ontvang. (Hannelie de Villiers, Skriba, 02.09.2021).

Ds Christian Andries Cronje van die NG gemeente Worcester-Oos lewer sy afskeidspraak op Sondag, 28 November 2021 en emeriteer op 30 November. (Lana Brand, Skriba, 08.09.2021).

RINGSITTING

Die Ring van Kaap Die Goeie Hoop het op 14 Sep

OOS-KAAPLAND**DEMISSIE**

Ds Rudi Mathys van Tonder het sy afskeidspraak op 29 Aug 2021 by die NG gemeente Port Elizabeth-Sherwood gelewer. Hy het ook sy akte van demissie ontvang, geldig vanaf 11 Sep 2021. (Ds DW Mouton, Ringskriba, 26.08.2021).

VRYSTAAT**EMERITAAT**

Dr Pieter van Jaarsveld het amptelik afgetree as leraar van Bothaville op 31 Jul 2021. Sy afskeidspraak sou op 4 Jul 2021 plaasvind, maar agv die veranderende inperkingsregulasies, was dit nie moontlik nie. Hy en sy vrou het reeds op 6 Jul 2021 na Bloemfontein verhuis. Hy bly moderator van die Vrystaat tot en met die volgende sinodesitting. (Dr Suzanne van der Merwe, Ringskriba, 01.09.2021).

OOSTELIKE SINODE**EMERITAAT**

Ds Andre Fitzgerald van die NG gem Pretoria-Faerie Glen lewer op 24 Okt 2021 sy afskeidspraak, waartydens hy ook sy akte van emeritaat sal ontvang, geldig vanaf 1 Nov 2021. (Suzette Latagan, Gemeentekoördineerder, 07.09.2021).

**VAKATURE: VOLTYDSE JEUGWERKER**

Rant en Dal Prisma is 'n dinamiese voorstedelike gemeente wat tans deur twee leraars bedien word. Daar is 'n sterk fokus op jeugbediening wat bestaan uit:

- Prisma Kidz: Babas tot Gr 6
- DieSel Connect: Gr 7-10

Prisma Kidz vind hoofsaaklik op 'n Sondagoggend tydens skoolkwartale plaas en ons poog deurentyd om dit kindervriendelik en toepaslik te maak. DieSel Connect is die gemeente se tienerbediening wat hoofsaaklik ná die aanddiens op 'n Sondag plaasvind.

Die kandidaat sal nou met die jeugpredikant en die jeugspan saamwerk. Hy/sy sal onder andere verantwoordelik wees vir die beplanning en bestuur van Sondae se programme vir beide die kinders en tieners, 'n jaarlikse vakansieprogram tydens die Junie-skoolvakansie, aktiwiteite vir kinders tydens die jaarlikse basaar, weeklikse aanbiedings by plaaslike skole, kampe en nog meer.

In die lig van die huidige situasie in die wêreld, moet ons jeugwerker 'n aanlynteenwoordigheid kan handhaaf en effektief kan skakel deur verskillende media, soos byvoorbeeld WhatsApp, YouTube, Zoom, Facebook, Google Meet, Teams ens, ten einde aanlyn jeugbediening te kan bevorder en in stand te hou.

Profiel van die kandidaat

- 'n Passie vir die Here en die vestiging van sy koninkryk.
- 'n Passie vir bediening aan kinders en hulle ouers.
- Toepaslike kwalifikasie en ondervinding.
- Het 'n mate van ondervinding met jeugwerk.
- Die nodige leiereienskappe om 'n span vrywilligers te bestuur.
- Energiek, gemotiveerd en 'n spanspeler.
- Kan onafhanklik werk.
- Nie ouer as 40 jaar nie.

Vergoeding

'n Mededingende vergoedingspakket word aangebied.

Aansoeke

- Stuur 'n relevante CV na admin@rantendalprisma.co.za met ten minste drie referente.
- CV's moet die kerkkantoor bereik teen Donderdag, **30 September 2021**.
- 'n Volledige posbeskrywing is op aanvraag beskikbaar.

Aanstellingsdatum: 1 Januarie 2022.

Navrae

Adelle Swanepoel: 011 665 2017 | adelle@rantendalprisma.co.za

Ds Wimpie Wasserman: 011 665 2017 | wimpie@rantendalprisma.co.za

AKKOMMODASIE

BELLVILLE: Selfsorgeenheid vir 4. Veilige parking. Naby Tygervallei. Billike tariewe. Skakel Alta 021 919 7161.

BLOEMFONTEIN

Oornagverblyf. DStv, lugreëling, badkamer. Veilige parking. Naby N1, skougronde, hospitale en inkoop-sentrums. Vanaf: R250. Skakel Hanlie, **084 400 2693**. hanlidevilliers@webmail.co.za

**VAKANSIE-
AKKOMMODASIE**

HERMANUS: Ruim, bekostigbare selfsorg-gesinswoonstel aan privaat woonhuis naby die see. Veilige parking. Vanaf R600 p.n. jdb@hermanus.co.za of 082 929 6350.

HERMANUS: SPESIALE AANBOD AUG EN SEP 2021. R3 550 p/n vir maksimum 8 mense (min 3 nagte) – 4 slaapkamers, 3 badkamers en ruim leefareas. Tariewe: OKT / NOV – R5100 p/n. DES – R6300 p/n. Skakel Heidi 082 561 1271.

JEFFREYSBAAI: SANDKASTEEL – 2 slaapkamer (slaap 6) wooneenhede volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

UVONGO: Selfsorgwoonstel. Pragtige see-uitsig. Loopafstand vanaf see. Vanaf R520 p/d per eenheid, buite-terseisoen. 084 547 8522 of 039 315 5779. Webblad: www.grietseplek.com

HARTENBOS

Heerlike vakansiehuis in sekuriteitskompleks. Reg deur die jaar beskikbaar. 2 slaapkamers, 2 badkamers, slaap 6. Binne- en buite groot onderdakbraai. Dubbelgarage. **Sel: 082 787 9216.**



Die NG KERK SWAKOPMUND is lief vir die Here. Ons glo dat God ons liefhet, toerus en stuur om sy roeping te vervul.

In die lig hiervan wil ons met opgewondheid 'n dienskneg van die Here beroep wat gehoorsaam is aan God se roepstem en wat van harte glo in die onfeilbare Woord van God en die gereformeerde belydenis.

VAKATURE: LERAAR – ONBEPAALEDE TERMYNPOS

NG Kerk Swakopmund se roeping is om:

- Die Here passievol te aanbid.
- Sensitief te luister na die Heilige Gees.
- Lidmate te bemagtig.
- Om te groei in geestelike en emosionele volwassenheid.
- Om mense te help in nood.
- Te funksioneer soos die Here se familie.
- Jongmense óók te omarm en deel te maak van God se sending na die wêreld.
- In kort wil ons Markus 12:30-31 ultiief.

Ons glo dat die volgende verantwoordelikhede jou sal dryf:

- Passievol oor gebed en die Woord van die Here.
- Gesamentlike verantwoordelikhede met kollega vir die prediking.
- Gesinsbediening wat fokus op jongvolwasse lidmate en hulle kinders.
- Vaardig om kinders van alle ouderdomme te bedien.
- Vestiging en uitbreiding van 'n werksplekbediening.
- Opbou en uitbou van 'n dinamiese musiekbediening.
- Vestiging van 'n kultuur waar jongvolwassenes welkom is en waar hulle diep verhoudings kan bou.
- Die dra en ultiief van die roepingsverklaring van die gemeente.
- Neem van kreatiewe kanse en evangeliese entrepreneurskap om die bediening uit te bou.
- Vestiging en onderhoud van 'n gesonde kultuur onder die leierskap en gemeente, in vennootskap met die huidige leraar.
- Uitreike na die groter gemeenskap (skole, staatsinstellings, besighede, ens).

Die gemeente se roepingsverklaring is op aanvraag beskikbaar.

Vergoeding: Daar word volgens sinodale riglyne onderhandel.

Voorkeur sal aan Namibiese burgers of persone met status (domicili of permanente verblyf) gegee word.

Aansoek: CV nie langer as drie A4-bladsye nie, asook 'n dekbrief waarin jy motiveer waarom jy geroepe voel om aansoek te doen.

Sluitingsdatum: 15 Oktober 12:00.

Navrae:

- Karin van Zijl +264813282530 (Leierouderling)
- Kenneth McKenzie +264812821543 (Leraar)
- E-pos (kvanzijl@africaonline.com.na)

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

NG KERK ARANOS: NAMIBIË**VAKATURE: VOLTYDSE LERAAR**

GEMEENTEPROFIEL:

Die gemeente is geleë in die Sentrale oostelike deel van Namibië in die Kalahari, en bestaan uit 295 belydende en 81 dooplidmate. Die hoofbedryf in die omgewing is veeboerdery.

BEDIENINGSFOKUS:

Die begeleiding van die onderlinge geestelike versorging en opbou van die gelowiges om hulle in staat te stel om as Christene in die wêreld te kan leef en getuig.

Die prioriteite van hierdie fokus is die gevolg van 'n langdurige en intense droogte, asook die gevolge van die Coronavirus-krisis.

LERAARPROFIEL:

'n Ten volle opgeleide predikant, wat by een van die erkende geregistreerde opleidingsfasiliteite van die Nederduitse Gereformeerde Kerk opgelei is, en gelegitimeer is in die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Beantwoord aan die bedieningsvereistes van Art 9 van die KO van die NG Kerk.

BESONDERE VEREISTES:

- Besondere geestelike en persoonlike volwassenheid in die hantering van menseverhoudinge en spanwerk.
- Die vermoë om jonger mense te bereik.
- Goeie fisiese gesondheid om die bediening oor groot afstande te kan hanteer.
- Verkieslik Namibiese burger.

Kandidate wat hulleself in hierdie profiel sien is welkom om hulle beskikbaar te stel vir beroeping.

Stuur asb 'n kort CV, met twee verwysings en twee videopreke na:

Die Voorsitter: Bedieningskommissie, NG Kerk Aranos: aranosng@iway.na

Sluitingsdatum: 30 September 2021.

**Om te adverteer in Kerkbode, kontak
Hanlie Raath: Sel: 072 357 8914.
E-pos: woes@mweb.co.za**

**Die vakature-advertensies
verteenwoordig die standpunte van die
adverteerder en nie noodwendig dié
van Kerkbode nie.**

**NG GEMEENTE NOORDERHARTS
(Magogong)**

VAKATURE: VASTETERMYN-LERAARPOS – TERMYN VAN TWEE JAAR

*Hiermee word 'n vasteteryn-leraarspos van twee jaar in die
NG Gemeente Noorderharts (Magogong) bekend gestel.*

GEMEENTEPROFIEL

NG Gemeente Noorderharts is 'n klein plattelandse gemeente in die Sinode van Noord-Kaapland. Die gemeente is geleë in die Vaalharts Besproeiingskema, sowat 10 km vanaf Hartswater. Die grootste deel van die gemeente is aan besproeiingsboerdery (pekanente, lusern, mielies, koring en gars) verbonde. Daar is 124 belydende en 26 dooplidmate wat verdeel is in vier bedieningsgroepe. 'n Meer volledige profiel kan by die kerkkantoor aangevra word.

LERAARPROFIEL

- 'n Predikant van die NG Kerk wat geroepe voel om die gemeente op te bou tot 'n aktiewe dienende gemeente.
- Die aansoeker moet 'n aanvoeling hê vir die plattelandse bediening en meelewend wees in die wyer gemeenskap.
- Iemand wat begrip het vir die uitdagings wat die landbou hedendaags beleef en die invloed daarvan op lidmate en die totale gemeenskap.
- Samewerking met alle bedienings is belangrik.
- Iemand vir wie veral huisbesoeke en ander pastorale besoeke belangrik is.
- 'n Persoon wat maklik kan kommunikeer, buitekerklikes kan identifiseer, en hulle laat welkom voel en aanmoedig om deel van die gemeente te wees.
- Gemaklik in die gebruik van multimedia, projektor en rekenaarvaardigheid tydens eredienste.

PLIGTE

- Soos omskrywe in Artikel 9 van die Kerkorde.

VERGOEDING

- 'n Vergoedingspakket allesinsluitend van R250 000,00 per jaar word aangebied.

AANSOEKER

- Aansoek kan per e-pos gestuur word na noorderharts@gmail.com met kontakbesonderhede van drie referente.
- Kandidate wat die kortlys haal sal versoek word om 'n aanlyn YouTube-preek te verskaf.
- Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud.
- 'n Onlangse foto van die aansoeker en sy/haar gesin is opsioneel, maar sal waardeer word.
- Vir telefoniese navrae kontak die kerkkantoor: 053 471 0028, Anton Marais, Saakgelastigde of Stephen Bennie, Voorsitter Gemeentebestuur 082 686 9944.

Sluitingsdatum: 4 Oktober 2021.

Dana op reis

Dana Snyman
Foto: Adrian de Kock



'Ons vra God vir jong mannetjies soos vader Claerhout'

Die laaste keer toe ek hier by vader Frans Claerhout se Katolieke sendingstasie buite Tweespruit in die Vrystaat was, het hier kinders gespeel en mense rondgestap. In die kombuis het vroue groot potte geroer en snye brood gesmeer, die gras was gesny, die stoepe gevee en blinkgevryf. Twee jaar gelede.

Vader Claerhout was toe al oorlede, maar Maria Makoia het die plek bestuur. Die ateljee was nog hier. Jy kon die helderkleurige figure sien wat hy somer teen die muur geskilder het.

Ek stap soontoe. Die ateljee se deur is afgebreek. Dikwels sou jy vader Claerhout voor sy esel hier aangetref het. Iewers het die pers bank gestaan waarop hy graag gesit het. Sy hond, 'n labrador, sou ook hier lê.

In soveel huise hang 'n Claerhout-skildery. Sekere kunstenaars ag sy werk nie baie hoog nie, maar veral sy vroeëre skilderye is gesog.

Nou lyk dit of hier soms beeste in vader Claerhout se ateljee kom skuiling soek. Op die vloer lê beesmis, soos in 'n kraal. As dit maar donkiemis was. Vader Claerhout was lief om donkies te skilder.

Donkies en sonneblomme en vroue met baba's en vrugtebome vol bloeisels.

Omtrent al die geld wat vader Claerhout met sy kuns verdien het, het hy gebruik om hierdie sendingstasie aan die gang te hou: 'n kerkie, 'n kleuterskool en 'n koshuis vir die laerskool hier naby. Hy het vir vele kinders se opvoeding betaal.

Die Katolieke Kerk het glo nie geld om die sendingstasie aan die gang te hou nie.

Langs die deur kan jy nog een van vader Claerhout se muurskilderye sien: 'n Madonna-figuur in swart en rooi. Hy het graag Madonna-figure geskilder. Ook moeders en kinders. Party vroue het naak vir hom kom poseer.

Vader Claerhout is in België gebore

en het in 1946 op die ouderdom van 27 as 'n Katolieke sendeling Suid-Afrika toe gekom. Hy het homself leer skilder en is nooit terug België toe nie.

Hy het graag mense hier ontvang en soms sou hy 'n glas whiskey vir hom en die besoeker skink. Vader Claerhout was lief vir sy whiskey. Ook ander skilders en skrywers het hom besoek. Etienne Leroux en sy eerste vrou, Renée, ook 'n skilder, was meer as een keer by vader Claerhout. Toe die Britse skrywer, Graham Greene, in 1973 by die Leroux's in Suid-Afrika kom kuier het, het hulle hom gebring om vader Claerhout te ontmoet.

Saam met Greene, 'n verloopte Katolieke, het hulle 'n Roomse mis van vader Claerhout op Thaba Nchu bygewoon.

"Hy was 'n sagte man, baie sag, baie sag," het Maria Makoia my vertel toe ek die vorige keer hier was. "Ek verlang baie na vader Claerhout. Ons bid gereeld ... to God to send us more boys to become priests. Ons vra God vir jong

mannetjies soos vader Claerhout.

"As ons nog mannetjies soos vader Claerhout kan kry, sal die land opstaan. Sonder mense van vader Claerhout se kaliber sal ons nie meer kan nie. Daar gebeur baie dinge in die land wat 'n mens nie meer hoop gee nie.

"Ons raak moedeloos, ons raak bang. Ons worry oor ons kinders se toekoms. Dit lyk of die toekoms 'n bietjie dood is. Die leiers doen bedrog, hulle lewe net vir hulle self. Vader Claerhout het ons geleer 'n mens lewe vir ander mense. Ek is wie ek is vandag deur vader Claerhout."

Vergeefs, alles vergeefs, kom fluister die prediker in my oor terwyl ek tussen die verlate geboue deur stap in die rigting van die kerkie wat onder vader Claerhout se toesig gebou is. Die gras is enkelhoogte. Ruite makeer. Nóg deure uitgebreek.

In 'n leë vertrek in vader Claerhout se huis staan 'n geroeste Westclock Zobe-wekker op 'n vensterbank. Op die vloer is 'n hoop dokumente en inkleurboeke vol Bybelse figure. Ook 'n almanak van 'n Katolieke gemeente in Bloemfontein, met 'n afdruk van een van vader Claerhout se sonneblom-skilderye daarop. Baie vroliker as die kerkalmanakke wat ek ken.

Hier en daar is vader Claerhout se hand nog te sien: Teen 'n muur sprei een van vader Claerhout se Jesus-figure sy arms wyd oop. Naby die kerkie is 'n beeld van 'n donkie wat hy gemaak het. Teen 'n ander muur blom een van vader Claerhout se sonneblomme blekerig.

Beteken dit kuns is meer dierend as ons pogings tot goeie dade?

Die kerkie is leeg binne. Die altaar is verwyder en nêrens is 'n blaker en 'n kers om aan te steek nie. Die kruis is van die muur gebreek. Wat van Maria Makoia geword het, weet ek nie.

Op die vloer lê 'n Bybelprent met die Heilige Maria daarop. In die lug is die reuk van vlermuismis. Ek steek 'n kers in my hart aan en probeer die stilte in myself vind.

"When we are not sure, we are alive," skryf Graham Greene iewers.

Ek stap buitetoe. In die verte, na Clocolan se kant toe, is die sonneblomlande nog geel in die blom.



Vader Claerhout se kerkie.

Foto: Verskaf